

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 17, No. 4

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2017 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## “Hy sê dit soos dit is”

Dit is met groot leedwese dat ons die dood van dr. Roderick C. Meredith bekend maak. Hy was Hoofredakteur van die *Tomorrow's World*/Wêreld van Môre-tydskrif en Voorsittende Evangelis van die Lewende Kerk van God. Hy het aan kanker gely en het op 18 Mei 2017 rustig gesterf. Hy sou 87 jaar oud gewees het in Junie 2017.

'n Groot begrafnis het gevolg. 'n Hoërskool-ouditorium was stampvol met kennisse uit Australië, België, Kanada en van regoor die Verenigde State. Die diens het met 'n 18-minuut-video begin wat bestaan het uit opregte huldeblyke van predikers van die Lewende Kerk van God van regoor die wêreld. Twee van sy vier seuns het gepraat van sy geloof, volharding en onwrikbare toewyding aan die waarheid van God se Werk en sy erns om die Evangelie aan die wêreld te verkondig. Mnr. Richard Ames, aanbieder van die *Tomorrow's World* beeldsendings en dr. Meredith se eie swaer, het persoonlike herinneringe opgehaal en ons herinner aan ons hoop – die opstanding uit die dood.

Die diens is afgesluit met een van dr. Meredith se gunsteling liedjies. “*I'll Walk with God*” uit die film *The Student Prince* en is oorgeklank met die kragtige tenoorstem van Mario Lanza. In die rolprent word die liedjie gehoor wanneer Karl Franz dit oor die kis van sy

oupa sing terwyl hy insig kry van sy nuwe rol as koning. Soos met die fiktiewe Karl Franz, het die hoë ampte wat Roderick Meredith beklee het, hom nederig gemaak en hy het 'n diepe insig gehad van hoe noodsaaklik dit is om met God te wandel. Ek kon nie help nie, maar ek was persoonlik diep geraak toe ek daarna geluister het en gekyk het na sy kis op die verhoog.

Dr. Meredith se dood was nie onverwags nie. Teen die einde kon hy nie meer loop nie, maar soos sy seun ons herinner het, het hy nooit opgehou om met God te wandel nie. Hy het gereeld opgemerk: “Ek het 'n vol lewe geleef. Ek vrees nie die dood nie. My lewe is in God se hande en ek sien uit om te gaan slaap en wakker te word in die opstanding”. Daar was geen twyfel in sy gemoed waarom die lewe gaan en wat ons hoop werklik is nie.

### 'n Merkwaardige lewe

Daar kan so baie gesê word oor die lewe van hierdie merkwaardige man. In die hoërskool was hy 'n uitbinker myl-atleet op die baan en sportveld en hy het *Golden Gloves*-bokstitels gewen in Joplin, Missouri, waar hy grootgeword het. Dit was dalk hierdie sterk vasberadenheid om nooit op te gee nie, hetsy met hardloop of boks, wat hom daartoe gelei het om soveel te bereik. Hy is baie keer in die lewe platgeslaan,

maar hy het nooit opgegee nie.

Nadat hy aan die waarheid van die Bybel bekendgestel is, het hy by *Ambassador College* in Pasadena, Kalifornië, ingeskryf, waar hy intiem bevriend geraak het met mnr. Herbert W. Armstrong. Dr. Meredith was een van die eerste evangeliste wat in 1952 deur mnr. Armstrong ingeseën is. Hy het meer as 64 jaar in die Werk wat Christus deur mnr. Armstrong begin het, gedien. Hy was welbekend vir die onderrig van Eerstejaar Bybelklasse (die Evangelies en Handeling) en die sendbriewe van Paulus, by *Ambassador College* en hy was verskeie kere die Adjunk-Kanselier van al drie die *Ambassador College*-kampusse: Pasadena, Kalifornië; Big Sandy, Texas; en Bricket Wood, Engeland. Hy het ook baie jare lank as Direkteur van Kerk-administrasie van die Wêreldwye Kerk van God gedien en 'n aantal gemeentes gelei.

Na die dood van mnr. Herbert Armstrong het die volgende leier van die Wêreldwye Kerk van God, dr. Meredith en verskeie ander getroue manne oor die hoof gesien. Daardie kerk is in 'n radikaal ander rigting gelei en die Bybelse waarhede versaak om die wêreld te behaag. Dr. Meredith is uiteindelik gedwing om uit te gaan omdat hy geweier het om met die afvalligheid saam te gaan. Hy het 'n keuse gehad: Hy kon óf aftree óf hy kon die Werk wat God deur mnr. Armstrong begin het, laat herleef. Hy het

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### **Voorblad**

#### **Persoonlik – "Hy sê dit soos dit is"**

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

### **Hoofartikel**

#### **Die breuk met Rome 3**

Die derde aflewering van ons spesiale reeks oor die waarheid agter die Protestantse Hervorming beskryf in besonderhede die gebeure wat uiteindelik tot Luther se breuk met die pousdom gelei het.

#### **Vooruitgang van vryheid – Die Amerikaanse rewolusie uit 'n Britse perspektief 12**

Die oorlog wat die Verenigde State van Britse heerskappy afgesny het, het beter oorsake en gevolge gehad as wat baie mense besef.

#### **Wonderwerke van die Amerikaanse Rewolusie 17**

Baie mense is onbewus van sekere besonderhede aangaande die totstandkoming van Amerika as 'n nasie.

#### **Die tonnel: Icoon van nasionale samewerking 21**

Dertig jaar gelede, op 29 Julie 1987, het die Britse premier, Margaret Thatcher en die Franse president, François Mitterrand, 'n historiese ooreenkoms onderteken.

### **Gereeld**

#### **Vrae en Antwoorde 23**

#### **Keerpunte in wêreldgeskiedenis 24**

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## **Wêreld van Môre**

### **Hoofredakteur**

Gerald E. Weston

### **Redaksionele Direkteur**

Richard F. Ames

### **Kuns Redakteur**

John Robinson

### **Besturende Redakteur**

Wallace Smith

### **Streeksredakteurs**

Robert Tyler (Australasië)  
Stuart Wachowicz (Kanada)  
Adam West (Europa)

### **Besigheidsbestuurder**

Dexter B. Wakefield

### **Streekskantore**

#### **VERENIGDE STATE:**

P.O. Box 3810  
Charlotte, NC 28227-8010  
Tel: (704) 844-1970  
Faks: (704) 841-2244  
[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### **AUSTRALASIË:**

PO Box 300  
Claredon, SA 5157  
Tel: (61) 8 8383 6288  
Faks: (61) 8 8127 9667

#### **KANADA:**

P.O. Box 409  
Mississauga, ON L5M 0P6  
Tel: (905) 814-1094  
Faks: (905) 814-7659

#### **NIEU-SEELAND:**

P.O. Box 2767  
Auckland 1140, New Zealand  
Tel/Faks: (09) 268 8985

#### **VERENIGDE KONINKRYK:**

BM PO Box 2345  
London, WC1N 3XX  
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

#### **SUID-AFRIKA:**

Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS 9880  
Tel: 058 622 1424  
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God  
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die waarheid agter die Protestantse Hervorming

## DEEL 3

### Die breuk met Rome

*Het Martin Luther die Protestantse hervormers gelei om die “geloof wat eenkeer oorgelewer is” te laat herleef? Die antwoorde is skokkend! U behoort die begin van die moderne Protestantisme te verstaan.*

#### Roderick C. Meredith

Miljoene Protestantse boeke, pamflette en traktaatjies verklaar duidelik die grondslag van die Protestante: “Die Bybel, die hele Bybel en niks anders as die Bybel nie, is die godsdiens van Protestante”.

In die eerste twee aflewings van hierdie reeks het ons uit die Bybel en die geskiedenisrekords geleer dat 'n merkwaardige *verandering* in sogenaamde Christelikheid ingetree het kort ná die dood van die oorspronklike Apostels. Heidense seremonies, tradisies en idees is in die belydende Christelike kerk opgeneem. Ons het later gevind dat die korrupsie en wêreldsheid van die regerende Katolieke kerk gedurende die “Donker-eeue” wat gevolg het, Christene van daardie era gelei het om aan bygelowige oortuigings en gebruike te glo wat Petrus of Paulus sou geskok het!

Ons het gevra: Was die Protestantse beweging 'n hervorming van God se ware Kerk wat die pad bystergeraak het? *Het* die Protestantse hervormers die “geloof wat eenmaal aan die heiliges

oorgelewer is” herstel? Was hierdie beweging geïnspireer en gelei deur God se Heilige Gees? Is die “vrugte” bewys daarvan?

Nou sal ons direk na die begin van die werklike Hervorming onder Martin Luther gaan.

#### Luther se opstand teen Rome

Soos ons gesien het, was daar op die vooraand van die Hervorming baie klagtes en vergrype wat hervorming vereis het. Diegene wat verantwoordelik was vir die geestelike en materiële welsyn van die volk was tevrede om die status quo te handhaaf omdat dit tot hulle eie verryking en godsdienslike of politieke voordeel was.

Tog het die volk na *finansiële verligting* gesmag – vir ten minste 'n mate van *politieke vryheid* en van die juk van godsdienslike onderdrukking wat swaar op die bevolking van Europa gerus het.

'n *Merkwaardige persoon* was nodig om die noodkreet te laat weerklink, wat onvermydelik 'n universele ontploffing sou ontketen, wat lank reeds ge-

smeul het. Tog kon geen gewone leier – maak nie saak wat sy ideale of persoonlike briljantheid was – hierdie rol vervul nie. Dit sou iemand verg wat homself kon vereenselwig met die onuitgesproke begeertes van die plaaslike prinse, die middelklas, die boerestand – iemand wat homself op 'n unieke manier kon vereenselwig met hulle langdurige griewe en só 'n simbool kon word van die universele drang na 'n algehele rewolusie in die godsdienslike, maatskaplike en politieke lewe van daardie tyd.

Martin Luther was só 'n man.

Die algehele vereenselwiging van Luther met die Protestantse Hervorming, die uniekheid van sy persoonlikheid as die middelpunt en ontmoetingspunt daarvan, word deur alle geskiedkundiges erken. Die geskiedkundige George Fisher beskryf hierdie omstandighede: “Luther was ongetwyfeld die held van die Hervorming. Sonder hom en sy kragtige invloed, sou ander hervormingsbewegings, selfs daardie wat 'n onafhanklike

begin gehad het, soos dié van Zwingli, nie kon slaag nie ... Luther sonder die Hervorming, sou ophou om Luther te wees” (Fisher, George P. *The Reformation*. Charles Scribner's Sons, 1896. bl. 87).

Ons moet 'n basiese agtergrond hê van Luther se kinder- en jongmenslewe ten einde sy latere oortuigings en leerstellings ten volle te verstaan.

### Luther se vroeë lewe

Martin Luther is in 1483 in Eisleben, Duitsland, as die seun van 'n plaasboer gebore. Die gesin het ses maande ná Luther se geboorte na Mansfield verhuis en hy is daar in 'n streng atmosfeer en gedissiplineerde deugde opgevoed.

'n Vertroulike blik word gegee in Luther se vroeë huislike- en skoollewe in Roland Bainton se omskrywende biografie: “Luther het na bewering gesê: 'My ma het my pak gegee totdat die bloed geloop het omdat ek 'n neut gesteel het. Sodanige streng dissipline het *my na die kloosterlewe gedryf*, alhoewel sy dit goed bedoel het'. Hierdie woorde word beaam deur twee ander persone: 'My pa het my een keer so geslaan dat ek weggeloop het en ek negatief teenoor hom gevoel het, totdat hy sy bes gedoen het om my terug te wen'. 'By die skool het ek een oggend vyftien keer pak gekry vir geen rede nie. Daar is van my verwag om meer insiklik en toegeeflik te wees en in te skakel en ek het nie my les geleer nie” (Bainton, Roland. *Here I Stand*. Abingdon Press,

1978. Bll. 7-8).

Selfs wanneer ons vlugtig terugkyk kan ons 'n patroon van voorvalle sien wat uiteindelik daartoe gelei het dat Luther van enige gesag en *gehoorsaamheid* wou *ontvlug*. Dit is nodig dat ons sy agtergrond van middel-eeuse *bygeloof* en *vrees* begryp om sy klem op *slegs* geloof *alleen* in later jare ten volle te verstaan.

Die atmosfeer in Luther se gesin was beslis dié van ruwe plaasboere. Daar was egter 'n sterk godsdienstige gesindheid in die gesin en sy pa, Hans, het langs die bed van sy seun gebid en sy ma was in die gemeenskap bekend as 'n baie toegewyde persoon.

Baie elemente van die ou Duitse heidendom was tog vermeng met “Christelike” mitologie in die oortuigings van die plaasboere. Hulle het gedink die woude word deur elwe, dwergies, feetjies, hekse en ander geeste bewoon. Luther se eie ma het geglo dat hulle in staat was om eiers, melk en botter te steel. Luther self het baie van hierdie oortuigings tot sy dood toe behou. Hy het eenkeer gesê: “In my geboorteland, op die top van 'n hoë berg, die Pubelsberg, is 'n meer, waar 'n storm sal ontstaan oor die hele streek wanneer 'n klip daarin gegooi word, omdat die waters die woonplek van gevange demone is” (Bainton, bl. 19). Sy vroeë Katolieke godsdienstige lewe was gevul met tonele van torings, spitse, kloosters, priesters, monnike van verskillende rangordes, versamelings van

aandenkings, beierende klokke, aankondigings van aflate, godsdienstige prosesies en sogenaamde genesings by heilige plekke. Deur al hierdie dinge het hy 'n normale godsdienstige opvoeding vir daardie tyd gehad.

Op die ouderdom van vyftien is Luther skool toe gestuur na Eisenach, waar sy ma familie gehad het. Soos baie van die ander arm studente daar, was hy verplig om in die strate te sing en vir brood te bedel. In 1501 het Luther na die Universiteit van Erfurt gegaan en met sy pa ooreengekom om vir 'n loopbaan in die regte te studeer. Terwyl hy 'n student daar was, het 'n aantal geestelike krisis Luther se kursus ontwig en uiteindelik sy hele lewe in 'n ander rigting gestuur.

### Luther se eie geestelike omwenteling

Voordat ons die spesifieke gebeure vertel wat Luther gelei het om af te wyk van die gewone lewe wat sy vader vir hom beplan het, sal dit nuttig wees om die effek te verstaan wat die normale godsdienstige opleiding van daardie tydperk op jeugdiges in die algemeen en veral op Luther in besonder, gehad het. “Daar is net een aspek waarin Luther anders as ander jongmense van sy tyd was, naamlik dat hy buitengewoon sensitief was en onderhewig was aan afwisselende periodes van uitgelatenheid en depressie van gees. Hierdie wisselende buie het hom dwarsdeur sy lewe geteister. Hy het getuig dat dit in

sy jeug begin het en dat die depressie in die ses maande voor sy toetrede tot die kloosterlewe baie erg was” (Bainton, bl. 20).

Ons kan sien dat Luther inderdaad 'n baie gekwelde gemoed gehad het. Hierdie probleem van buierigheid – vererger deur 'n voortdurende *skuldgevoel*, wat deur die Katolieke leerstellings by Luther veroorsaak is, het tot gevolg gehad dat Luther na 'n soort emosionele ontsnapping uit hierdie innerlike konflikte gesoek het.

Bainton sê: “Die verduideliking lê eerder in die spanning wat middeleeuse godsdiens doelbewus veroorsaak het, deur afwisselend vrees en hoop teen mekaar af te speel. Die hel is gestook, nie omdat mens in ewige vrees geleef het nie, maar juis omdat hulle dit nié gedoen het nie en om genoeg vrees in te boesem om hulle na die sakramente van die kerk te dryf. Indien hulle lam was van vrees, is die vagevuur ingestel by wyse van strafversagting as 'n tussen-tydse plek waar diegene wat nie sleg genoeg vir die hel is nie of nie goed genoeg vir die hemel is nie, verdere boetedoening mag maak. Indien hierdie kans vir bevryding tot selfvoldaanheid gelei het, is die temperatuur van die vagevuur verhoog en dan was die druk op hulle weer verlig deur middel van aflate” (Bainton, bl. 21).

Dus kan ons sien dat daar maklik op Luther se liggeraaktheid gespeel kon word as gevolg van godsdienstige vrese wat

sedert sy kinderjare ingeprent was. Hierdie vrese was 'n integrale deel van die stelsel waarin Luther uiteindelik 'n afsku gekry het.

Moontlik is die eerste in 'n reeks gebeurtenisse wat Luther geleidelik tot sy uiteindelige rol as hervormer gelei het, 'n ontdekking wat hy gemaak het toe hy twintig jaar oud was en reeds sy BA-graad verwerf het. Dit het gebeur terwyl hy eendag na die boeke in die Erfurt-biblioteek gekyk het. Hy het 'n eksemplaar van die Latynse Bybel opgetel. Dit was die *eerste keer* dat hy ooit 'n Bybel in sy hande gehou het. Hy was verbaas oor die rykdom van die inhoud daarvan en het dit gretig bestudeer (Fisher, bl. 88). Alhoewel hy al 'n geruime tyd verdiep was in humanitêre studies, het hy terwyl hy die Skrifgedeeltes hieroor, vir die eerste keer sowel as daaropvolgende geleentheid gelees het, het die *diep godsdienstige onrus*, wat hom van sy kinderjare af gepla het, terugkeer en sy gedagtes in beslag geneem.

### Weerlig tref Luther

Later, tydens sy terugkeer na Erfurt ná 'n besoek aan sy ouers, het 'n storm opgesteek en 'n weerligstraal het Luther en sy metgesel getref. Luther het vinnig weer op die been gekom, maar was diep geraak toe hy ontdek het dat sy vriend, Alexis, dood is. Daar en dan het Luther besluit om met God vrede te maak en hy het kort daarna by die Augustynse klooster in Erfurt ingeskryf om 'n priester te word.

Hy is in 1507 tot die priesterschap verorden, maar sy studies en geestelike inspanning het hom nie die innerlike vrede gebring waarna hy so desperaat gesoek het nie. Hy was deur Staupitz, die vikaris [plaasvervanger van Christus] van die orde, aangemoedig om gedeeltes uit die Skrif en van die kerkvaders te bestudeer. Hierdie studie, alhoewel nuttig, het nie die rusteloosheid en innerlike kwellings van Luther gestil nie.

Gedurende hierdie tyd is baie mense deur die *opvallende* voorkoms van Luther getref. In 1518 het 'n tydgenoot van hom gesê: “Ek kon die man skaars in die gesig kyk, so 'n duiwelse vuur het uit sy oë geflits” (Hausser, Ludwig. *The Period of the Reformation, American Tract Society*, 1873, bl. 8).

### Luther het gevoel dis onmoontlik om God te hoor-saam

Terwyl hy 'n diep gevoel van persoonlike *ontoereikendheid* en *sonde* gevoel het, het hy besluit om die goeie werke te doen wat vir die redding van sy siel voorgeskryf was. Daar was baie sulke praktyke deur die Katolisisme van daardie tyd aanbeveel. “Hy het soms drie dae lank gevas sonder 'n krummel. Die tye van vas was vir hom meer vertroostend as dié van feesviering. Vastyd was meer vertroostend as Paasfees. Hy het homself oordadige nagwake en gebede opgelê, meer as wat deur die reël voorgeskryf is. Hy het die komberse wat hom toegelaat

was afgegooi sodat hy byna doodgevoes het. Soms was hy trots op sy heiligheid en sou dan sê: 'Ek het vandag niks verkeerd gedoen nie'. Dan sou twyfel ontstaan. 'Het jy genoeg gevas? Is jy arm genoeg?' Hy sou dan ontslae raak van al sy klere, behalwe dit wat deur betaamlikheid vereis was. Hy het in sy latere lewe geglo dat sy eenvoudige streng lewenswyse permanente skade aan sy spysverteringstelsel aangerig het" (Bainton, bl. 34).

Al wat Luther hierdie tyd van Christus geweet het, was dat Hy 'n "streng regter" was van wie hy wou ontvlug. Met 'n gevoel van volkome veroordeling het Luther voortgegaan om sy liggaam en verstand te kasty met die verskillende godsdienslike praktyke wat deur die monnike van sy tyd beoefen is. "Indien 'n monnik ooit deur sy gedrag die hemel sou verdien, het hy gesê, sou ek ook my weg daarheen gevind het; al my kloosterkamerade kan daarvan getuig" (Lindsay, Thomas. *A History of the Reformation*. C. Scribner's Sons, 1906, bl. 427).

Let daarop dat hierdie dinge alles dui op Luther se sterk bande met die Roomse kerk. Hy was totaal deel daarvan, daarin grootgemaak en deurtrek met die kerk se leerstellings. Soos so dikwels in soortgelyke gevalle gebeur, toe die breuk gekom het was dit 'n ontsaglike een.

"Die probleem was dat hy volgens homself net nooit vir God kon tevrede stel nie. Terwyl Luther in sy latere lewe oor die bergpredikasie gepreek het, het hy al soekende, uitdrukking

gegee aan sy ontnugtering. Met verwysing na die voorskrifte van Jesus het hy gesê: 'Hierdie woord is te onbereikbaar en te moeilik vir enigiemand om dit te kan nakom. Dit word bewys, nie net deur ons Here se woord nie, maar deur ons eie ervaring en gevoel. Neem enige opregte man of vrou. Hy sal baie goed klaarkom met diegene wat hom nie uittart nie, maar laat iemand net die geringste irritasie veroorsaak en hy sal in toorn ontvlam ... indien nie teen vriende nie, dan wel teen vyande. Vlees en bloed kan nie daarbo uitstyg nie'" (Bainton, bl. 34).

Luther het in sy eie gedagtes besluit dat dit vir die mens *onmoontlik* is om te doen wat God verlang. Hy het voortgegaan om na 'n antwoord te soek vir sy *skuld kompleks*. Nadat hy 'n professor geword het aan die Universiteit van Wittenberg wat saamgewerk het met die Augustynse kloosterorde daar, het hy oor die sendbriewe van Paulus begin klasgee.

Hy het skaars met die uiteensetting van die brief aan die Romeine begin of sy oë het op hierdie gedeelte vasgenael gebly: "Maar die regverdige sal uit die geloof lewe" (Romeine 1:17). Hierdie woorde het 'n diep indruk op Luther gemaak en hy het lank oor die betekenis daarvan gepeins.

### **Luther se ontnugtering met die pousdom**

Terwyl Luther Rome gedurende hierdie tyd besoek het, het hy vol

vurige toewyding in die stad rondgelopen, in 'n poging om homself van die geestelike seëninge te verseker wat aangebied was deur besigtiging van verskeie heilige aandenkings en boetedoening by heilige altare. Terwyl hy boete gedoen het op die trappe van die sogenaamde regterstoel van Pilatus, het die Skrifgedeelte wat by hom gespook het weer in sy gedagte opgekrom: "Maar die regverdige sal uit die geloof lewe."

Gedurende Luther se verblyf in Rome het ontnugtering in sy gemoed begin toeneem ten opsigte van die ware karakter van die Roomse kerk. Hy het begin insien hoe 'n *korrupte* en *gruwelike* stelsel dit geword het. Terwyl hy verskeie misdienste in Rome gelei het, het hy probeer om die waardigheid en eerbied wat hy gevoel het hierdie verrigtinge vereis, te handhaaf. Hy was egter baie ontsteld oor die ligsinnige en heeltemal oneerbiedige wyse waarop die Roomse priesters die sakrament van die altaar bedien het.

D'Aubigne merk op:

Op 'n dag toe hy aan diens was, het hy gevind dat die priesters by 'n aangrensende altaar al séwe misdienste herhaal het, voordat hy (Luther) met een klaar was. "Maak gou, maak gou!" het een van hulle uitgeroep, "stuur aan ons Dame haar Seun terug"; met 'n oneerbiedige skimp na die letterlike verandering van die brood na die liggaam en

bloed van Jesus Christus. Op 'n ander keer het Luther nouliks by die Evangelieboodskap gekom, toe die priester langs hom die mis reeds beëindig het. “Passa, passa!” het laasgenoemde aan hom geskreeu, “maak gou! Maak dit dadelik klaar”.

Sy verbasing was nog groter toe hy in die *hoogwaardigheidsbeksleërs van die pousdom* gevind het wat hy reeds in die geestelikes van laer range waargeneem het. Hy het beter dinge van hulle verwag (D'Aubigne, Merle. *History of the Reformation*. Delmarva Publications, Inc., 1846. bl. 68).

Tydens sy terugkeer huistoe, het hy gepeins oor die tonele van die vrome pelgrims in Rome wat probeer om redding te bekom deur middel van verskeie pogings. Hy het gesidder toe hy die ligsinnigheid, die morele ellende en die gebrek aan ware geestelike kennis in daardie stad onthou het – hulle wat veronderstel was om “die hoofstad van die Christendom” te wees. Die woorde van Paulus het weer na hom teruggekeer: “Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.” Eindelik het hy gevoel dat hy dit kon verstaan.

### Die kern van Luther se teologie

Fisher haal Luther se woorde aan: “Deur die Evangelie word daardie geregtigheid geopenbaar wat standhou voor God, waardeur Hy uit genade en blote barmhartigheid, ons regverdig verklaar deur geloof” en “Hier

het ek *dadelik gevoel dat ek weergeheel en al gebore was* en dat ek deur geopende deure die Paradys self binnegegaan het. Daardie gedeelte van Paulus was waarlik vir my die poort na die Paradys”. Soos Fisher opmerk, “Hy het ingesien dat Christus nie as 'n Wetgewer gekom het nie, maar as 'n Verlosser; dat liefde, nie toorn of geregtigheid nie, die motief in Sy opdrag en werk is; dat die vergifnis van sondes deur Hom 'n vrye geskenk is; dat die verhouding van die siel met Hom en deur Hom tot die Vader, wat uitgedruk word deur die term *geloof*, die reaksie van die siel op die goddelike genade is, *al is wat vereis word*. Hierdie manier van versoening is sonder die werke van die wet” (Fisher, bl. 91).

Nou sien ons die sentrale fokuspunt van al Luther se teologie. Hierdie *leerstelling van regverdigmaking* het die *hoeksteen* van al Luther se daaropvolgende godsdienstige pogings geword. *Dit alleen het hom 'n gevoel van bevryding gegee van sy skuldgevoelens en vrees vir die verdoemenis wat by hom gespook het*. Ons kan waarlik byvoeg, dit het aan hom 'n manier gegee om die vereistes van God se *geestelike Wet* te *ontduik* – wat Luther gevoel het hy *nie kon hou nie* en wat hy uiteindelik begin *haat* het.

Dit is duidelik dat Luther met al hierdie bepeinsings oor die Wet, die Katolieke idee van ritualistiese “werke” en *boetedoenings* gesien het as *vervanging* vir die Tien Gebooie van

God. *Behep* met die idee om 'n uitweg te vind rondom enige gehoorsaamheid, het hy begin voel dat geloof *alleen* genoeg is vir verlossing.

Die logiese gevolg van Luther se nuwe posisie het 'n botsing met Rome onvermydelik gemaak. Dit was op die vraag oor die verkoop van aflate dat dit vir die eerste keer bekend geraak het dat hy direk teen die ortodokse Katolieke leer gekant was.

### Die leerstelling van aflate

Na sy terugkeer uit Rome het Luther sy onderwysloopbaan aan die Universiteit van Wittenberg hervat en voortgegaan met sy studie van die Skrif en die ontwikkeling van sy teorie van regverdigmaking en redding. Deur aanmoediging van sy kloostervoog Staupitz, het hy sy doktorsale studies voltooi sodat hy Staupitz kon vervang met die veronderstelling dat hy die voorsitterskap van Bybelstudies by die universiteit aanvaar. In 1512 het hy die graad Doktor in Godsgeleerdheid verwerf en sy onderwysloopbaan voortgesit.

Die hele tyd het sy idees oor regverdigmaking toegeneem en ontwikkel. Hy skryf: “Ek het werklik begeer om Paulus se brief aan die Romeine te verstaan en niks het in die pad daarvan gestaan nie, behalwe die een uitdrukking, 'die geregtigheid van God', omdat ek aangeneem het dit beteken daardie geregtigheid waarvolgens God regverdig is en regverdig handel, wanneer Hy die ongeregte straf. My situa-

sie was dat, alhoewel ek 'n onberispelike monnik was, ek voor God gestaan het as 'n son-  
daar, gepla deur my gewete. Ek  
het geen vertrouwe gehad dat my  
verdienste Hom sou laat versag  
nie. Ek het dus nie 'n regverdige  
en kwaai God liefgehad nie,  
maar eerder *gehaat* en *teen*  
*Hom gemurmureer*. Tog het ek  
aan die liewe Paulus vasgeklou  
en 'n groot begeerte gehad om  
te weet wat hy bedoel het”  
(Bainton, bl. 49).

Let op dat Luther bely het dat  
hy God *gehaat* het in die rol van  
Wetgewer en Regter. Sy valse  
Katolieke konsep van gehoor-  
saamheid het hom verseker ver-  
war oor die werklike geestelike  
kwessies wat op die spel was.  
Hy was soos 'n *geestelike dronk*  
man wat probeer het om sy weg  
uit 'n bodemlose put te soek. As  
gevolg van sy geestelike mar-  
teling deur die Katolieke leer-  
stellings, was hy nogtans  
desperaat vasbeslote om 'n *weg*  
te vind *rondom* gehoorsaam-  
heid, wet en geregtigheid.

Luther skryf: “Dag en nag het  
ek gepeins totdat ek die verband  
gesien het tussen die geregtig-  
heid van God en die stelling: '...  
die regverdige, deur sy geloof  
sal hy lewe'. Ek het toe begryp  
dat die geregtigheid van God  
daardie geregtigheid is waar-  
deur genade en blote barm-  
hartigheid ons deur geloof  
regverdig. Daarna het dit gevoel  
asof ek wedergebore is en deur  
oop deure in die paradys ingaan.  
Die hele Skrif het 'n nuwe  
betekenis aangeneem en terwyl  
die 'geregtigheid van God' my  
voorheen met haat gevul het, het

dit nou vir my onuitspreeklik soet  
geword in groter liefde. Hierdie  
gedeelte van Paulus het vir my 'n  
poort na die hemel geword ...”  
(Bainton, bl. 49).

Ons kan dus sien dat Luther,  
met toenemende klem op reg-  
verdigmaking deur geloof  
*alleen*, die Roomse gebruik om  
aflate vir sonde te verkoop, vir  
hom besonder onaangenaam  
sou gewees het – 'n wanpraktyk  
wat hy natuurlik sou wou aanval.  
Aangesien die kwessie van  
*aflate* die regstreekse oorsaak  
van Luther se breuk met Rome  
was, sal dit op hierdie stadium  
baie nuttig wees om 'n kundige  
beskrywing van hierdie praktyk  
en die presiese bewoording van  
die aflate aan te haal.

### Beskrywing van aflate

James Wharey beskryf die  
praktyk van aflate in besonder-  
hede in sy *Sketches of Church*  
*History* (Presbyterian Board of  
Publication, 1840, bl. 224-225).

Aflate in die Roomse kerk  
is 'n kwytskelding van straf as  
gevolg van sonde, wat deur  
die kerk toegestaan word en  
veronderstel is om die son-  
daar van die vagevuur te red.  
Volgens die leer van die  
Roomse kerk word al die  
goeie werke van die heiliges,  
bo en behalwe daardie wat  
vir hulle eie regverdiging  
nodig was, saam met die  
oneindige verdienste van  
Jesus Christus, in 'n on-  
uitputlike skatkamer bewaar.  
Die sleutels hiervan was aan  
St. Petrus en sy opvolgers,  
die pouse, toevertrou wat dit

dan na goeddunke kon oop-  
maak. Deur 'n gedeelte van  
hierdie oorvloedige ver-  
dienste aan 'n bepaalde  
persoon vir 'n som geld oor te  
dra, kon hy die kwytskelding  
van sy eie sondes verkry of 'n  
vrylating van enige persoon  
van sy keuse, uit die pyn van  
die vagevuur.

Sulke aflate is eers in die  
elfde eeu, deur Urbanus II  
uitgedink, as 'n vergoeding  
vir diegene wat persoonlik op  
die glorieryke sending ge-  
gaan het om die Heilige Land  
te verower. Hulle is later aan  
enigiemand toegeken wat vir  
daardie doel 'n soldaat  
gehuur het. Aflate is met  
verloop van tyd ook aan  
diegene geskenk wat geld  
gegee het om enige vrome  
werk te laat verrig, soos wat  
deur die pous voorgeskryf is.  
Die mag om aflate toe te  
staan is baie deur die kerk  
van Rome misbruik. Pous  
Leo X het aflate gepubliseer  
sodat die pragtige struktuur  
van die *St. Peter's* in Rome,  
voortgesit kon word, sowel  
as volkome toestemming  
aan almal wat geld daartoe  
sou bydra. Hy het die  
opbrengs van dié projek  
wingsgewend gevind en die  
voordeel van die aflate van  
Sakse en die naburige dele,  
aan Albert, die keurvors van  
Mentz en die aartsbiskop van  
Magdeburg, verkoop. Die  
winste van ander lande is  
aan die hoogste bieërs  
verkoop. Om die meeste  
wins uit hulle verkope te kry,  
het die bieërs die beste



predikers gebruik om die waarde van die goedere op te jaag. Die vorm van hierdie aflate was soos volg:

“Mag ons Here Jesus Christus aan u genadig wees en u vryspreek deur die verdienste van sy allerheiligste lyding. En ek, deur sy gesag, die van sy geseënde apostels Petrus en Paulus en van die allerheiligste pous, wat dit in hierdie gebiede aan my toevertrou en opgedra het, spreek u vry: Eerstens van alle kerklike sensuur, ongeag waarvoor die skuld ookal is; dan van al u sondes, oortredings en ongeregthede, hoe geweldig dit ookal mag wees; selfs van daardie wat gereserveer is vir kennisname deur die heilige stoel en vir sover as wat die pouslike gesag van die heilige kerk strek. Ek spreek u vry van alle straf wat u in die vagevuur verdien en plaas dit oor na hulle rekening; en ek herstel u aan die heilige sakramente van die kerk, aan die eenheid van die gelowiges en aan die onskuld en reinheid wat u by die doop besit het; sodat wanneer u sterf, die poorte van straf gesluit sal wees en die poorte van die paradys van heerlijkheid geopen sal wees; en indien u nie nou sterf nie, sal hierdie genade ten volle van krag bly tot wanneer u sterwensuur aanbreek. In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees”.

Wharey merk op dat die

glansryke beskrywings wat die smouse oor die voordeel van aflate gegee het, soms byna ongelooflik was. Hulle het gesê, wanneer 'n man briewe van aflate sou koop, sy siel verseker sou wees van redding. “Kyk”, het hulle gesê, “die hemele is oop; indien u nie nou ingaan nie, wanneer sal u ingaan?”

Dit was die gruwelike *misbruik* van hierdie reeds afskuwelike praktyk wat Martin Luther gelei het om 'n besliste standpunt teen Rome in te neem. Hy was natuurlik reg om hierdie praktyk teen te staan. Dit het hom geveg om standpunt in te neem. Die vraag wat ons graag wil oorweeg, is of dit hom daartoe gelei het om terug te keer na die “geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is” of was dit eenvoudig om daardie deel van die Katolieke leer waarmee hy nie kon saamstem nie te verwerp en om in die plek daarvan 'n ander suiwer *menslik-geïnspireerde* kerklike stelsel in te stel wat *hom* gepas het.

### Die aflate vir die *St. Peter's in Rome*

In Luther se omgewing was die afkondiging van aflate om te help met die herbou van die *St. Peter's* in Rome aan 'n Dominikaan, Tetzl, toevertrou. Hy was 'n ervare smous. Die aflat was nie werklik in die gemeente van Luther aangebied nie, want die kerk kon nie sonder die toestemming van die plaaslike owerhede 'n aflat instel nie. In hierdie geval wou die keurvors, Frederick die

Wyse, nie sy toestemming gee nie omdat hy nie wou hê dat die aflate van die *St. Petrus* inbreuk moes maak op die aflate van die *All Saints' Church* in Wittenberg nie (Bainton, bl. 57).

Tetzl het tog só naby daaraan gekom dat Luther se gemeentelede oor die grens kon gaan en terugkeer met ongelooflike vergunnings as gevolg van die hoë druk wat uitgeoefen was op hulle in die verkoopsveldtog wat Tetzl en sy mede-smouse gevoer het.

Luther was met reg verontwaardig oor hierdie skaamtelose strafoplegging van die pous en sy hervormersbloed het gekook. Hy het vyf-en-negentig stellings vir debat opgestel en dit aan die deur van die *Castle Church* in Wittenberg vasgespyker, soos wat dit die destydse gewoonte met openbare publikasie was. Dit was op 31 Oktober 1517.

Baie van Luther se stellings het aanklank gevind by die desperate Duitse kleinboere in finansiële nood en het indirek 'n beroep op die pousdom gedoen om nie meer geld van hulle te eis nie. In sy vyftigste stelling het Luther dit so gestel: “Christene moet geleer word dat indien die pous die afdwinging van die predikers van aflate geweet het, sou hy eerder die *St. Peter's* basilika, vernietig tot as, wou gesien het, eerder as om dit te bou met die vel, vlees en gebeentes van sy skape” (Bettenson, Henry. *Documents of the Christian Church*. G. Cumberlege, Oxford University Press, 1950. bl. 267).

In die driftige besprekings

wat daarop gevolg het, het Luther verklaar: “Die inkomste van die hele Christendom word deur hierdie onversadigbare basilisk ingesluk. Die Duitsers lag wanneer dit die gemeenskaplike skat van die *Christendom* genoem word. Kort voor lank sal al die kerke, paleise, mure en brûe van Rome met ons geld gebou word. Eerstens behoort ons lewende tempels op te rig, nie plaaslike kerke nie en slegs heel laaste die St. Petrus s'n, wat ons nie nodig het nie. Ons Duitsers kan nie by die St. Petrus dienste bywoon nie. Dit is beter dat dit nooit gebou was nie, as dat ons bekrompe kerke beroof behoort te word” (Bainton, bl. 61).

Luther se *politieke beroep* op sy mede-Duitsers is duidelik in al die vroeë geskryfte oor hierdie onderwerp. Hy argumenteer nie vanuit die geestelike beginsel van wat reg of verkeerd voor God is nie, maar hoofsaaklik uit die *nasionalistiese* gesindheid dat die geld van aflate aan Duitse godsdienstige sake bestee behoort te word.

Luther se aanval op die pouslike finansiële beleid het 'n redelike eenstemmigheid onder die Duitsers tot gevolg gehad. Hulle het reeds lank gegrief gevoel teenoor die *Italiaanse* hiërargie – soos wat hulle dit dikwels beskou het. Luther se ander standpunt, dat aflate geestelike skade berokken het aan die ontvanger en dat die pous geen absolute mag oor die vagevuur of die vergifnis van sondes het nie, het ook omstredenheid aangeblaas.

Alhoewel die gemiddelde Duitser waarskynlik slegs die versoek vir finansiële verligting ten volle sou kon verstaan, het slegs Luther se verbinding met hierdie gewilde grief, die idee van godslastering teen die genade van God, die aantrekkingskrag gehad om 'n *algemene revolusie* te ontketen.

Luther het geen stappe geneem om sy stellings onder die mense te versprei nie. Ander mense het dit stilweg in Duits vertaal en laat druk. Dit het spoedig die besprekingspunt van die hele Duitsland geword en Luther se loopbaan as hervormer is van stapel gestuur (Bainton, bl. 62-63).

### **Luther se finale breuk met Rome**

Toe Luther aanvanklik sy stellings vasgespyker het, het hy dit nie vir algemene verspreiding bedoel nie. Nou dat dit wel versprei is, het hy by sy standpunt gehou in die daaropvolgende gesprekke en traktate wat hy ter verdediging daarvan geskryf het. Alhoewel die nuus van hierdie verwikkelings stadig versprei het, was dit nie lank voordat die owerhede in Rome geweet het dat die grootste deel van Duitsland Luther se kant gekies het nie.

'n Beskuldiging is in Rome teen Luther ingebring en die pous het Kardinaal Cajetan gelas om hom in gesprekke met Luther te verteenwoordig. Hy is aangesê om Luther te probeer oorreed om enige radikale idees prys te gee en om die saak met so min as moontlik ontwrigting te

hanteer (Hausser, bl. 19-20). Cajetan se pogings het egter niks verander nie.

Daarna is 'n tweede poging aangewend om Luther binne die Roomse kerk te hou. Carl von Miltitz, 'n pouslike gesant, kon Luther se vertrouwe wen en 'n ooreenkoms is met hom aangegaan om die stilte te handhaaf – op voorwaarde dat sy vyande dit ook sou doen – totdat pouslike verteenwoordigers die nuwe leerstellings van Luther kon ondersoek. “En dan”, het Luther gesê, “as ek skuldig bevind word daarvan dat ek 'n fout gemaak het sal ek dit vrywillig terugtrek en ek sal nie die mag en glorie van die heilige Roomse kerk verswak nie” (Hausser, bl. 22).

Ons sien dus dat Luther nog *steeds* die Roomse kerk as “heilig” beskou het! Dit is belangrik om te beseef hoe deeglik Luther eintlik in haar filosofieë en leerstellings *vasgevang* was. Dit is ook waar dat hy uiteindelik baie sterk oor verskeie punte verskil het. Tot die einde was Martin Luther – gebore en grootgemaak – 'n Rooms-Katolieke en 'n Katolieke priester van beroep – letterlik *deurweek* met die konsepte, dogmas en tradisies wat sy kerk deur die Middeleeue ingesamel het.

Luther het so laat as 3 Maart 1519 aan die pous geskryf: “Allerheiligste Vader, ek verklaar nou voor God en sy skepsels dat dit nooit my bedoeling was, nog minder is dit nou, om iets te doen wat die gesag van die Roomse kerk kan verswak of omverwerp

of dié van u Heiligheid nie; nee, meer, ek bely dat die mag van hierdie kerk bo alle dinge is; dat niks in die hemel of op aarde vóór dit gestel behoort te word nie, met uitsondering van Jesus alleen, die Here van almal” (Alzog, Johannes. *Manual of Universal Church History*, 1878, bl. 195).

Tensy hy in hierdie brief gelieg het, het Martin Luther – selfs op hierdie laat stadium – steeds gevoel dat die Rooms-Katolieke godsdiens die ware Kerk van God op aarde was!

### Die verloop van Luther se plan van aksie

Luther se wapenstilstand met Rome om homself nie uit te spreek nie, was kortstondig. Dr. John Eck, 'n teoloog van Leipzig, het Luther in die openbaar uitgedaag om oor sy nuwe leerstellings te debatteer (Hausser, bl. 22). Só het die woordestryd en pamflette herleef.

In die debatte het Luther, soos hy altyd gedoen het, *regverdigmaking* en *redding* verwar. Hy het volgehou dat geloof *alleen* – sonder enige werke – voldoende was vir verlossing. Wanneer hy met teenstrydige stellings uit die Sendbrief van Jakobus gekonfronteer was, het *hy die egtheid van die sendbrief bevraagteken* (Alzog's *Manual*, bl. 302).

Dit is belangrik om te besef dat Luther nie net een keer nie, maar *talle kere*, die gesag van enige boek in die Bybel wat nie met *sy idees oor regverdigmaking* gestrook het nie, openlik

sou betwis. Ons sal Luther se teenstrydige uitsprake oor die Skrif later in hierdie reeks bespreek.

Na die debatte in Leipzig het dr. Eck hom na Rome gewend om Pous Leo X te waarsku oor die gevaar wat Luther vir die Katolieke kerk in Duitsland geword het. 'n Pouslike bul is in 1520 uitgereik en daarin is Luther en een-en-veertig van sy voorstelle veroordeel. Hyself sou uit die kerk geban word indien hy nie binne sestig dae alles herroep nie (Alzog, bl. 300).

### Kragtige ondersteuning neem toe

As gevolg van Luther se gewildheid by die gewone mense sowel as die adel, is die pouslike bul met openlike afkeer in Duitsland ontvang. Baie mense het verklaar dat dit nie nodig was om dit te gehoorsaam nie en Luther se beskermheer, Frederik die Wyse, het openlik gehoorsaamheid aan die bul verwerp. Luther het toe die ongehoorde stap geneem om die pouslike bul in die teenwoordigheid van sy mede monikke, die studente en die inwoners van Wittenberg in die openbaar te verbrand (Hausser, bl. 27).

Hierdie moedige stap om 'n totale breuk met Rome te maak het die aandag van die hele Duitse nasie op Luther se saak gevestig. Hy het vinnig *politieke steun* gevind in die vriendelike ingesteldheid van die keurvors en van die regsgeleerdes wat 'n jarelange grief gehad het oor die inmenging van kerklike howe in

burgerlike sake. Hy het ook bondgenote in die humanistiese geleerdes gevind wat met nasionalistiese vurigheid gevul was en gereed was om die onwaardige behandeling wat Duitsland onder Italiaanse en pouslike beheer gely het, te wreek. Hulle was gereed om met skeltaal en spotskrif te skryf en ook om hulle swaarde te gebruik (Fisher, bl. 102).

Kort ná hierdie gebeure het Luther 'n *politieke beroep* op die Duitse adel gedoen vir hulle steun. Sy uitdaging aan die “glorieryke Teutoniese volk” wat “gebore is om gesagvoerders te wees” het 'n verstommende uitwerking op baie van die Duitse adel en vorste gehad. Dit was nogtans suiwer *polities* en hierdie einste tipe versoek is meer onlangs met sukses deur Duitse generaals en diktators gebruik!

Luther het aangedring: “Arme Duitsers wat ons is – ons is mislei! Ons is gebore om gesagvoerders te wees en ons was verplig om die knie te buig onder die juk van ons tiranne en om slawe te word. Naam, titel, uiterlike tekens van koninklikheid waaroor ons alles beskik; mag, gesag, reg, vryheid – al hierdie dinge is oorgedra na die pouse wat ons daarvan beroof het. Hulle kry die koring, ons kry die kaf ... Dit is nou tyd dat die glorieryke Teutoniese volk behoort om op te hou om die marionet van die Roomse pous te wees” (Bettenson, bl. 278).

Van hier af het dit van Luther en sy aanhangers afgehang om

**Vervolg op bladsy 26**

# Vooruitgang van vryheid – Die Amerikaanse rewolusie uit 'n Britse perspektief

Deur John Meakin

Sowat 3.2 kilometers van my huis in Somerset, Engeland, staan Dillington Huis, die eertydse landgoed van *Lord Frederick North*, die premier van Groot-Brittanje tussen 1770 en 1782. Sy Tory-regering het gedien onder George III, die berugte Hanoveraanse koning, wat later in sy lewe aan 'n ernstige en aftakelende geestesongesteldheid gely het (volgens hedendaagse denke word dit deur *porfirie*, 'n genetiese bloedsiekte, veroorsaak).

Koning George en Lord North se blywende aanspraak op roem is dat dit “gedurende wagstaantyd” is dat hulle 13 Amerikaanse kolonies in die Rewolusionêre Oorlog van 1775-1781 “verloor” het of soos dit later bekend geword het, die Amerikaanse Onafhanklikheidsoorlog.

Die skeiding van die Amerikaanse kolonies van Brittanje het bewys dat dit een van die groot keerpunte in die geskiedenis was aangesien Amerika van nederige oorsprong gegroei het om die dominante wêreldmoondheid te word, spruitende uit die ideale van “*lewe, vryheid en die nastreef van geluk*” soos dit uitgedruk word in die beroemde Onafhanklikheidsverklaring. Gedurende die

afgelope eeu het die V.S. invloed oor die hele wêreld uitgeoefen en oorheers in taal, kultuur, besigheid en handel en die uitoefening van oorweldigende militêre bekwaamheid.

Hoe het dit gebeur en waarom? Watter lesse kan geleer word uit die geboorte van die magtigste *nasie* wat die wêreld nog ooit geken het, veral vanuit die perspektief van die Britse Ryk – die grootste Ryk wat die wêreld ooit geken het?

## Oorlog teen die Franse

Die verhaal van hoe dit alles begin het, begin op 'n tyd toe Brittanje ingesien het dat die sleutel tot haar toekomstige voorspoed en invloed in die skepping van 'n wêreldwye handelsryk lê. Die koloniale mededinging in Europa, veral van die Franse, was van Brittanje se grootste uitdagings. Die Franse het in 1756 'n algehele aanval op die Britse strewe na koloniale oppergesag geloods en dit was die begin van die Sewejarige Oorlog.

In Noord-Amerika het Frankryk – wat die sentrale deel van die vasteland beheer het – kant gekies met die Abenaki-konfederasie van inheemse Amerikaners teen Britse belange; die dertien kolonies in

die ooste en daardie in die noorde van Kanada. Die koloniste het uitsonderlike lojaliteit teenoor Brittanje betoon deur tienduisende troepe te verskaf om deel te neem aan die stryd. Brittanje en die koloniste het die oorlog beslissend gewen, wat met die *Verdrag van Parys*, in 1763 tot 'n einde gekom het, waarvolgens Brittanje oor Kanada van die Franse, en Florida van die Spanjaarde, beheer gekry het.

Alles was egter nie wel in die verhouding tussen die Amerikaanse kolonies en Brittanje nie. Die koloniste wou bowendien met groter respek en oorlegpleging behandel word en nie net deur die Koning van Engeland en die Parlement in Londen voorgeskryf word nie. 'n Toenemende botsing van perspektiewe en prioriteite het daarna ontwikkel, met die koloniste wat toenemend gevoel het dat hulle belange nie voldoende verteenwoordig word nie.

'n Koninklike Proklamasie van 1763 het 'n beperking geplaas op die westelike uitbreiding van die Amerikaanse kolonies. Die doel was om koloniale uitbreiding na die noorde (Nova Scotia) en na die suide (Florida) te herlei. Hierdie beperking was ongewild met 'n

veelseggende minderheid en het bygedra tot 'n toenemende gevoel van konflik tussen die koloniste en hulle Britse meesters.

Daarna het 'n finansieel-gestremde Brittanje, wat ná die Sewejarige Oorlog gesukkel het om sy groterwordende wêreldryk te finansier, gedink dat dit vir die uitbreidende kolonies gepas sou wees om by te dra tot hulle eie verdediging teen Indiaanse opstande en die moontlikheid van toekomstige Franse invalle. Die koloniste het bitterlik gekla, nie direk oor die belasting nie, maar oor die vraag of die Parlement sonder hulle goedkeuring 'n belasting op die Amerikaanse koloniste kon hef. Amerika het per slot van rekening geen verteenwoordiging en stem in die Parlement gehad nie. Die koloniste was nie juis opstandig nie; hulle het hul gedra soos alle “goeie” Engelse tuis, wat aangedring het op “*geen belasting sonder verteenwoordiging nie!*” Hierdie slagspreek was nie werklik 'n verwering van Britse gesag nie, maar eerder 'n uitdruklike handhawing van hierdie beginsel. (Ferguson, Niall, *Empire – How Britain Made the Modern World*, Penguin, 2003. bl. 93).

Die voorbereidings is stelselmatig getref vir 'n magtige konfrontasie. In 1765 het die Parlement die *Seëlwet* ingestel, wat 'n seëlbelasting gehef het op elke dokument in die Britse kolonies van Noord-Amerika. Hierdie belasting is moontlik opsetlik gehef om die radikaliste, wat koerante gepubliseer het

wat hierdie belasting veroordeel het, die swaarste te tref. Protes het gevolg en gevolglik ook weiering van die kolonies om daaraan te voldoen.

'n Verandering van die regering in Londen het die Seëlwet in 1766 herroep. Daar was wydverspreide gejubel in die kolonies. Londen het egter ook uitdruklik verklaar dat die Parlement die absolute gesag gehad het om na goeie sake enige wette of veranderinge op sy kolonies bindend te maak – selfs al was die koloniste nie in die Parlement verteenwoordig nie. Daar was uitroepe van ontsteltenis in die kolonies vir wat gesien was as die ontkenning van Anglo-Saksiese *vryhede* wat oor baie geslagte heen verkry is.

In 1767 was swaar invoerheffings op 'n verskeidenheid produkte (met inbegrip van tee) geplaas wat Amerika binnegekom het. Die doel was eenvoudig om geld in te samel om vir die koste van die administrasie van die kolonies te betaal. Die reaksie was egter meer afgryse en vervreemding – wat in 1769 gegrens het aan opstand en verraad deur Noord-Amerikaanse gemeenskappe.

### Die Ryk slaan terug

In 1770, het Lord North die leisels oorgeneem. Een van sy eerste take was om al die onlangs ingestelde belastings af te skaf, behalwe die een op tee. Alhoewel dit deur die koloniste verwelkom was, het hulle goedere uit Brittanje geboikot wanneer dit hulle gepas het en

hulle het oor die algemeen geweier om saam met Londen te werk. Lord North se regering het in elk geval voortgegaan met sy planne en die invoer van groot hoeveelhede surplus tee wat deur die Oos-Indiese Kompanjie gehou was op Amerika afdwing, maar teen 'n veel laer belastingkoers as wat vir Brittanje opgelê is. Die idee was dat een deel van die Britse Ryk 'n ander deel van die Ryk aan die teenoorgestelde kant van die wêreld moes help.

Dit was nogtans nie hoe baie Amerikaners dinge gesien het nie. Tee was intendeel nog nooit goedkoper nie. Die Oos-Indiese maatskappy *het alleenreg ontvang* om tee na Amerika in te voer en diegene wat die meeste daarvoor gely het, was die ryk Boston-smokkelaars. Dit was hulle wat die bekende *Boston Tea Party* op 16 Desember 1773 georganiseer het, toe mense wat as Mohawk-Indiane vermom was, 342 bokse tee wat nog nie van die skepe afgelaai was nie, in die Boston hawe gestort het. Hierdie relatief onbelangrike gebeurtenis van nasionale teëstand het geblyk 'n opruiende oomblik te wees.

Lord North se regering het skerp gereageer met 'n reeks wette in 1774. Dit was gesamentlik deur die Amerikaners as *Die ondraaglike wette* beskou. Boston Harbour sou gesluit bly totdat voldoende vergoeding vir die verlore tee deur die dorpsmense beskikbaar gestel is. Die handves van die Massachusetts-kolonie is herroep en die goewerneur van

Massachusetts het magtiging ontvang om enige van sy troepe in die huis van enige setlaar te plaas wat hy verkies het.

Daarbenewens het die Parlement ingestem om die Franse siviele regstelsel te behou en 70,000 Franssprekende Katolieke in Kanada toe te laat om hulle geloof sonder boetedoening te beoefen en om hulle kerk met tiendes te ondersteun. Vir die meerderheid van die Protestantse Amerikaners het hierdie verwickelings hulle ergste vrese oor die heerskappy van Londen versterk. Vir hulle het dit verhore s nder juries ingelui, die einde van *habeas corpus* en 'n regering sonder 'n verkose verteenwoordiging (Shama, Simon. *A History of Britain, Vol. 2 The British Wars, 1603-1776*. BBC, 2001. bl. 464-470; Lee, Christopher, *This Sceptered Isle – Empire*. BBC, 2005. bl. 173-176). Amerika was nou reeds ver verby die punt om selfs die *beginnel* van om belas te word deur die Parlement in Londen, te aanvaar.

Die reaksie in Londen oor wat oorsee gebeur het, was bitterlik verdeeld. Winkeliers en handelaars was bevrees vir hulle lewensbestaan indien oorlog sou uitbreek. Die stemming van die koning en die parlement was daarop gerig om die “rebelse” Amerikaners 'n les te leer wat hulle nooit sou vergeet nie. Dus was die dobbelsteen gegooi en koning George III het verklaar dat die Amerikaners in 'n staat van “openlike en verklaarde opstand was” wat konflik aangewakker het “ten

einde 'n onafhanklike Ryk te vestig”. Oorlog was 'n voldonge feit.

Sover dit die Amerikaners aangegaan het, indien 'n oorlog w l geveg moes word, was dit met 'n Ryk wat korrup geraak het en nie meer *vryheid* verteenwoordig het nie, maar nou 'n *verdorwenheid van die beginsels* beliggaam waarop dit gestig is (Shama, bl. 477).

### Die oorlog self

Die Britse Parlement het gehoop dat hulle uitmuntende gewapende magte, bondgenote sou word van daardie Amerikaners wat getrou aan die Kroon gebly het (“lojaliste” genoem), 'n vinnige dodelike slag sou toedien aan die strewes na onafhanklikheid en vinnig weer die kolonies in pas bring, terug na onderdanigheid aan Britse heerskappy.

Dinge het egter nie uitgewerk soos die Britte dit beplan het nie. 'n Stryd waarvan nog lank gepraat sou word het plaasgevind. Die uiters goedopgeleide en toegeruste Britse vloot en landmagte het teen 'n slordige, swak gedissiplineerde, swak opgeleide, swak toegeruste en slegs onlangs saamgestelde Kontinentale Weermag, te staan gekom. George Washington was die voortrefflike en ervare generaal wat belas was met die moeilike taak om die weermag te vorm in 'n geloofwaardige vegkrag wat uiteindelik kon se vier.

Die Britte was ietwat gekortwiek, deels deur 'n onwilligheid om ten volle betrokke te raak in wat vir baie

mense kenmerkend was van 'n *burgeroorlog* tussen wesenlik dieselfde mense en deels deur die noodsaaklikheid om hulle magte elders in die w reld op ander fronte, (teen die Franse) wat alreeds aan die gang was, aan te wend. Die voortdurende hoop was dat die swakker Amerikaanse magte die hoopeloosheid van hulle saak sou insien en eenvoudig die aftog sou blaas.

Frankryk, Spanje en Nederland het vol verwagting by die konflik betrokke geraak en by die kant van die Amerikaners aangesluit. Hulle het gehoop dat hulle hierdeur die gebiede sou herwin wat in die Sewejarige Oorlog verloor is. Die oorlog het in Oktober 1781 'n hoogtepunt bereik met die berugte nederlaag vir die Britte in die suide van Yorktown, met die Franse vloot wat ontsnapping deur die see geblokkeer het en die nou bobaas Frans-Amerikaanse troepe wat die land oordek het. Generaal Cornwallis het geen ander keuse gehad as om die nederlaag namens Brittanje te aanvaar nie en die vyandelikhede is vinnig beeindig. Twee jaar later is 'n vredesverdrag onderteken waarvolgens die Britse regering Amerikaanse onafhanklikheid erken het (James, Lawrence. *Warrior Race – A History of the British at War*. Abacus, 2001, bl. 242). Een van die eerste dinge wat Washington gedoen het nadat die oorwinning afgehandel was, was om die Kontinentale Weermag te ontbind en terug te keer na sy geliefde “Mount

Vernon"-plantasie in Virginia om die volgende stappe vir die nuwe nasie te beplan.

### Amerika floreer

Die gevolg van die oorlog was op talle maniere vir Amerika baie belangrik. Amerika het nou die vryheid gehad wat hulle begeer het om te ontwikkel soos hulle wou sonder die koloniale onderdanigheid wat die koning en die parlement vereis het. Amerika het "die land van die vrygemaaktes en die tuiste van die dapperes" geword, wat uiteindelik 'n unieke opgestelde grondwet geskep het om die Onafhanklikheidsverklaring se beginsels van "*lewe, vryheid en strewende na geluk*" te beskerm.

Baie mense het begin dink dat Amerika 'n "*bewese bestemming*" het om oor die vasteland te versprei – deur God bedoel om buitengewoon te wees en om daardie blink "stad op 'n heuwel" te word om 'n beter lewenswyse vir die wêreld te verteenwoordig.

Die skitterende opkoms van Amerika kon voortgaan en versnel, gebou op 'n stygende gety van immigrante wat in die Amerikaanse identiteit, vryhede en vooruitsigte ingekoop het. Die groot potensiaal van Amerika se natuurlike hulpbronne kon ten volle ontwikkel word: In steenkool, olie en gas, in staal, in hout en in die landbou. Lewe en vryheid was volop vir almal en geluk kon nou heelhartig nagestreef word (tog het dit 'n bloedige burgeroorlog geneem asook baie ander maatskaplike veranderings om sulke geleent-

hede vir *almal* te bied wat binne die grense van Amerika geleef het, te verseker). Die V.S. se handel met die res van die wêreld kon onbeperk en ongehinderd voortgaan.

Aangesien die Britse vloot nie meer die V.S. se belange beskerm het nie, het 'n Amerikaanse vloot gou begin vorm aanneem om die werk self te doen, wat begin het met die Noord-Afrikaanse Barbary-kus. Dit was 'n vloot wat bestem was om eendag die krag van die Britse Vloot totaal te oorskadu en wat uiteindelik ongehinderd dwarsoor die wêreld se oseane sou kon vaar – sowel as onder hulle. Die V.S. lugmag sou eendag die lug regeer en Amerika se eens slordige militêre mag sou opgang maak sonder enige gelyke.

### Brittanje floreer ook

Wat gelyk het na 'n dodelike slag vir die Britse Ryk het toe nie gerealiseer nie. Inderdaad, Brittanje se verlies van Amerika was eintlik net 'n geleentheid vir haar om met meer ywer elders uit te brei en te floreer. Opeenvolgende regerings het oor die katastrofiese gebeure besin en stadig tot die gevolgtrekking gekom dat "dit onverstandig en onprakties was om Britte van wetlike en politieke regte te ontnem net sodra hulle hul tuiste verlaat het om oorsee te vestig" (James, bl. 243).

Vyftig jaar of so later het die Durham-verslag van 1839 oor Brits-Noord-Amerika tot die gevolgtrekking gekom: "Diegene wat die wit kolonies regeer,

behoort aanspreeklik gehou te word om verslag te doen aan verteenwoordigende vergaderings van die koloniste en nie slegs aan die agente van 'n verre koninklike gesag nie". Dit is presies wat die vorige generasie Britse politici vir die Amerikaanse kolonies ontsê het. So is die magsewewig beslissend verskuif na die verkose verteenwoordigers van die koloniste, met goewerneurs wat 'n meer dekoratiewe rol gespeel het, saam met dié van die monarg. Die resultaat was verreikend: Die beginsel van die Ryk kon versoen word met die *beginnel van vryheid*, sonder die noodsaaklikheid van onafhanklikheids-oorloë.

Hierdie belangrike les is goed geleer. Kanada, Australië, Suid-Afrika en Nieu-Seeland het almal selfregerend geword. Indië het gevolg. Self-regering het uiteindelik onafhanklikheid voorsien. Die Britse Ryk het dus 'n soort ingeboude veroudering gehad – die eindresultaat van respek vir die beginsels van ongebondenheid en vryheid. Die *Britse Gemenebes* is 'n onomstootlike getuienis van waarheen respek vir vryheid kan lei: Na 'n groep nasies wat vrywilliglik dieselfde waardes van regering deel en op wedersydse respek en *vryheid* gebaseer is. Waarlik, "die Onafhanklikheids-oorlog het die toekomstige vorm bepaal en daarom die uiteindelige lot van die Britse Ryk" (James, bl. 243).

**Vervolg op volgende bladsy**

## 'n Antieke belofte het waar geword

Vreemd genoeg het baie van die Britte ook hulle eie land en Parlement gesien as 'n model van vryheid en hulle vordering in die wêreld as “uitsonderlik”. Inderdaad, beide Amerika en Brittanje het hulleself gesien as *uitverkies deur 'n hoër gesag* om 'n magtige impak op die wêreld te hê – dit het hulle beslis gedoen, ten goede of nie.

Wat ookal u perspektief hieroor is, die Britse en Amerikaanse heerskappy het 'n grootliks vrye wêreld geskep wat gebaseer was op demokrasie, vryheid en die oppergesag van die reg. Vir enige persoon wat nie saamstem nie, kan mens net vra hoe die wêreld sou lyk indien dit deur 'n duisendjarige Nazi-Ryk of 'n kommunistiese kollektiewe regering regeer was – 'n outoritêre regering in diktatoriale

hande. Mens sidder om daaraan te dink.

Het Brittanje en Amerika belangrik geword as gevolg van die uitnemendheid van hulle grondwetlike ooreenkomste of omdat die mense inherent beter mense as ander is? Nee! Daar is 'n verrassende Bybelse rede vir die uitstygung van Brittanje en Amerika.

Nadat die sterwende patriarg Jakob (Israel) God se seëninge aan sy kinders oorgedra het, het hy veral twee van sy kleinkinders uitgekies – die seuns van Josef. *Manasse*, die eersgeborene, sou 'n groot nasie word, maar sy jonger broer, *Efraim*, sou selfs groter wees en 'n menigte van nasies word (Génesis 48:1-22). Dit was 'n profesie vir “die einde van die dae” (Génesis 49:1) en bied onbetwisbare redes om Manasse met die Verenigde State van

Amerika, en Efraim met Groot-Brittanje en haar nasionale familie van bloedverwante te verbind.

Hierdie seuns van Josef was gesamentlik merkwaardige seëninge bo die ander broers belowe (Génesis 49:22-26). Hierdie ooreenkomste van identiteite kom met 'n lang pad tot by die oplossing van 'n paar basiese vrae wat uit die geskiedenis ontstaan het en die gevoel van identiteit, doel en “uitgesonderdheid” wat deur die Amerikaanse en Britse volke besit word. Hierdie kennis gee 'n groter diepte om die geskiedenis en God se toekomsplanne te verstaan – meer as wat die meeste mense hulle vandag selfs kan indink. Skryf gerus vir ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, om meer uit te vind. **WvM**

# Ware vryheid en geluk

**Een van die groot menslike dryfvere** is die hunkering na vryheid – die vermoë om in vrede te leef en in vryheid met ons lewens aan te gaan binne redelike en aanvaarbare wette. Geen *menslike pogings* om vryheid en geluk te verseker kan ooit heeltemal suksesvol wees nie – lewe en menslike natuur is eenvoudig onvolmaak en word deur selfsug geleï.

Dit alles dui op 'n oor-koepelende vraag van die uiterste belang. Is daar 'n

definitiewe bron van geluk en vryheid? Een wat op almal van toepassing kan wees, ongeag ras of nasionaliteit? Is daar 'n universele pad om hierdie ideale te bereik?

Die antwoord is *ja!* Dit word in die bladsye van die Bybel gevind, die geskrewe uitdrukking van God se wil en doel. Geloof in God en die uitlewing van Sy weë lei tot uiteindelijke geluk, vrede en vryheid. “Want julle is tot *vryheid* geroep, broeders; *gebruik* net nie julle vryheid as 'n

aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde” (Galasiërs 5:13).

Ware vryheid is – in sy kern – *'n innerlike kwaliteit* wat voortspruit uit 'n intieme verhouding met God en met die Heilige Skrifte, wat bepaal wat vryheid in die praktyk beteken. Hou aan om die *Wêreld van Môre*-tydskrif te lees om uit te vind hoe u hierdie ware vryheid self kan hê en hoe dit eendag na die hele wêreld uitgebrei sal word. **WvM**



# Wonderwerke van die Amerikaanse Rewolusie

Deur Douglas S. Winnail

*Min mense besef vandag dat belangrike feite en noodsaaklike lesse oor die Amerikaanse geskiedenis geïgnoreer word en vergete raak.*

Gesamentlike pogings om enige verwysing na God in Amerikaanse skole en media uit te skakel en die sogenaamde “aftakeling” van die Bybel deur akademië, het tot wydverspreide Bybelse ongeletterdheid en 'n tragiese onkunde oor die ware feite rakende die totstandkoming van die Verenigde State gelei – veral die *ongelooflike rol* wat God se ingryping in die Amerikaanse Rewolusie gespeel het.

Terwyl wêreldse geleerdes en liberale teoloë mag spot, het die wegbeweging van die Bybel af, 'n lewensbelangrike perspektief in die bestudering van die *geskiedenis uitgeskakel wat ernstige gevolge sal hê*. In die Bybel het Moses, lank gelede, die antieke Israeliete deur 'n reeks bonatuurlike kragtige wonderwerke van God uit Egipte gelei. Hulle is gewaarsku: “Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede [dit beteken *onthou*], dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak” (Deuteronómium 4:9).

Dekades later het Josua sy geslag Israeliete herinner hoe God hulle oorloë vir hulle geveg

(Josua 23:2-3) en hulle volk gevestig het in 'n beloofde land deur die waters van die Jordaanrivier te laat ophou vloei (Josua 5:1), die mure van Jérigo af te breek (Josua 6:20) en haelstene op 'n vyandige leër te laat reën (Josua 10:11). Die Bybel vermeld ook dat ander nasies hierdie gebeurlikhede as goddelike ingrypings deur Israel se God erken het (sien Exodus 14:14, 25; Josua 5:1). Eeue later het die profeet Jesaja die afvallige volk van Israel gewaarsku om die vroeë dinge van ouds te onthou en hoe God namens hulle ingegryp het om Sy doel te verwesenlik (Jesaja 46:8-11). Kritici beweer egter dat dit net fabels is!

Nog 'n belangrike les wat ons toenemend wêreldse Westerse samelewings uit die oog verloor, is dat God die *verloop van die geskiedenis lei*: “Hy maak nasies groot en laat hulle omkom; Hy brei nasies uit en voer hulle weg” (Job 12:23). Die profeet Daniël boekstaaf dieselfde belangrike boodskap – God “sit konings af en stel konings aan” en dat “die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil” (Daniël 2:21; 4:17, 25, 32; 5:21).

Watter belangrike feite het

die Amerikaners en die wêreld vergeet en het God *werklik* ingegryp om die uitslag van die Amerikaanse Rewolusie te lei? Watter soort bewyse word geïgnoreer en vandag selde genoem?

## George Washington en Boston

George Washington het 'n leidende rol in die Amerikaanse Rewolusie en die nasie se stigting gespeel. Sy bestendige karakter en vaste oortuigings was belangrike faktore in die vorming van die aard en vooruitsigte van Amerika. Die feit dat hy *geleef* het om hierdie jong nasie te lei, lyk asof dit te danke is aan wat Goddelike Voorsienigheid genoem word – die ingryping van God in die mens se sake vir 'n doel. Gedurende 1755 tydens die Franse en Indiaanse Oorlog, was die 23-jarige kolonel Washington een van 1,400 Britse troepe onder bevel van Generaal Braddock wat opgemars het om Fort Duquesne naby Pittsburgh in te neem, toe hulle deur 'n Franse en Indiaanse mag aangeval is. Tydens die geveg is Braddock doodgemaak en elke offisier te perd is doodgeskiet, *behalwe* Washington. “Die jong kolonel

het later aan sy broer geskryf: 'Maar deur die Almagtige bestiering van die Voorsienigheid is ek beskerm bo alle menslike waarskynlikheid of verwagting; want ek het vier koëls deur my baadjie gehad en twee perde is onder my geskiet, nogtans het ek ongedeerd ontsnap, alhoewel my metgeselle aan albei kante van my platgeskiet is". 'n Inheemse Amerikaner wat in daardie veldslag geveg het, het later gesê: "Washington is nooit gebore om deur 'n koeël doodgeskiet te word nie! Ek het sewentien redelike skote met my geweer op hom gevuur en kon hom steeds nie grond toe bring nie" (*Miracles in American History*, Federer, bl. 17-19).

Jare later, gedurende die vroeë lente van 1776, met die Britte wat in beheer van Boston was, het Washington beveel dat kanonne deur die sneeu vanaf Fort Ticonderoga (sowat 480 km van daar af) gebring moes word om *Dorchester Heights* met 'n uitsig op Boston hawe te versterk. Nadat hy die gevaar gesien het, het die Britse Generaal Howe 'n amfibiese aanval op die Amerikaanse posisie beveel. Nietmin, die aand voor die aanval moes begin, het "'n orkaan of vreeslike storm ... 'n suidooster van stormsterk afmetings", die Boston-omgewing getref en Howe se planne ontweig. Derhalwe het hy sy aanval op die Amerikaanse posisie afgelas weens die "slegte weer". As gevolg van die skielike storm en die krag van die Amerikaanse posisie wat bewegings in en uit

Boston hawe beheer het, het Generaal Howe die Britse troepe beveel om Boston te ontruim (sien *The Weather Factor*, Ludlum, bl. 33-34). Washington het weer aan sy broer geskryf: "Hierdie merkwaardige Ingryping van die Voorsienigheid is vir een of ander wyse doel, daaraan het ek geen twyfel nie" (*Miracles in American History*, bl. 41).

### **Digte mis, sneeustorm en vriesweer**

In die somer van 1776 het Generaal Howe 'n Britse mag van meer as 400 skepe en 32,000 troepe gehad wat op Staten Eiland in New York hawe gestasioneer was. George Washington het ongeveer 8,000 Amerikaanse troepe by Brooklyn Heights op die westelike rand van Long Island versamel. Die Britte was in staat om ongeveer 15,000 troepe agter Washington se linies te plaas en dit tot gevold gehad dat die Amerikaners, wat op Brooklyn Heights omsingel was met hulle rug teen die Oosrivier, swaar verliese geleidelik het. Die weer was egter weereens 'n bepalende faktor. Sterk winde, 'n laaggety en onophoudelike reën het die Britte van verdere aanvalle op die Amerikaanse posisie weerhou asook daarvan om hulle oorlogskepe na die Oosrivier te stuur om 'n ontsnappingsroete af te sny. Washington het die gevaar van sy posisie besef en het 'n nagtelike ontruiming van Long Island beveel. Daardie nag, omstreeks 23:00, het die wind

gaan lê en 'n digte mis het toegesak, wat die Amerikaanse ontruiming verbloem het. Nadat die digte mis later die volgende oggend opgeklaar het was die Britte verbaas om te sien dat die Amerikaanse soldate nêrens te vinde was nie (*Seven Miracles That Saved America*, bl. 9-11)! Een Amerikaanse soldaat het geskryf: "Soos dit vir ons beskik is deur die Voorsienigheid, het 'n digte mis toegesak, wat verhoed het dat die vyand ons kon sien terugtrek" (*The Weather Factor*, bl. 36-37). Die uitslag van hierdie veldslag is al beskryf as "so verbasend dat baie mense (met inbegrip van Generaal Washington) die veilige terugtrekking van die Amerikaanse weermag toegeskryf het aan die hand van God" (*America's Providential History*, Mark A. Beliles en Stephen K. McDowell, bl. 158-161). Indien die wind, reën en die mis – wat beskryf word as die "hemelse boodskapper" – nie vir die Amerikaners ingegryp het nie, sou hulle gevange geneem word, Washington sou gehang word en die rewolusie sou tot 'n vroeë einde gekom het.

In Desember 1776, terwyl hulle moraal laag was en die Amerikaanse weermag tot ongeveer 2,000 troepe by Valley Forge verminder het, het Washington besluit om die met ysgevolde Delaware-rivier oor te steek en 'n verrassingsaanval op die Britte in Trenton, New Jersey, te loods. Die Amerikaners het op 26 Desember met sonsopkoms tydens 'n windgedrewe sneeustorm aangeval,

met die wind van agter terwyl dit in die gesigte van die Hessiese huurtroepe gewaai het. Hierdie troepe het die vorige dag Kersfees gevier. In minder as 'n uur het die Amerikaners byna 'n duisend Hessiërs gevang en net 'n paar manne verloor. Artillerie-offisier, Henry Knox, het oor die oorwinning by Trenton geskryf: “Dit lyk asof die Voorsienigheid geglimlag het oor elke deeltjie van hierdie onderneming” (*America's Providential History*, bl. 161-162).

Na die verrassende Amerikaanse oorwinning by Trenton, is Generaal Cornwallis gestuur om Washington en sy troepe aan te val, wat weer die Delaware-rivier oorgesteek het en rondom Trenton ontplooi was. Nadat hy oor die modderige paaie beweeg het as gevolg van reën en 'n Januarie-yssmelting, het Cornwallis uiteindelik Washington en sy troepe vasgepen met hulle rug teen 'n klein baaitjie. Ten volle oortuig dat hy Washington sou kon vang, het Cornwallis besluit om tot die volgende dag te wag om “die jakkals in die sak te kry”. Gedurende die nag was daar egter weer 'n “wonderbaarlike verandering in die weer”. Die temperatuur het gedaal en die grond het gevries wat makliker beweging van manskappe en toerusting moontlik gemaak het. Washington se troepe het hulle vure laat brand en die kamp ontruim. Hulle kon oor die bevrore paaie beweeg om Britse troepe in Princeton, agter Cornwallis, aan te val en te verslaan en sy toevoerlyne te

verswak (*The Weather Factor*, bl. 41-44). Hierdie verrassende verandering van gebeure tot voordeel van die Amerikaners het gebeur as gevolg van 'n “wonderbaarlike” verandering in die weer. Die ontsnapping uit 'n hinderlaag en oorwinning by die Slag van Princeton is gesien as 'n bewys van God se hand in hierdie gebeure.

### 'n Sleuteloerwinning en 'n spioen

Nog 'n belangrike keerpunt het in die somer van 1777 plaasgevind. Die Britse Generaal, John Burgoyne, het vanaf Kanada met 'n mag van 7,000 manne in die Hudsonriver Vallei afgemarsjeer om by Generaal Howe aan te sluit, wat veronderstel was om noord van Albany, New York, op te marsjeer. Burgoyne is egter by Saratoga deur 'n mag van meer as 15,000 Amerikaners gekeer, wat woedend was oor die brutaliteit van Burgoyne se inheemse Amerikaanse bondgenote. Omdat hy nie die Amerikaners kon verslaan nie, het Burgoyne en sy troepe 'n terugtog begin, net om vasgevang te word in 'n reënstorm wat die paaie in 'n glibberige moeras verander het. Terwyl die Amerikaners die Hudsonrivier voor hom oorgesteek en sy ontsnapping afgesny het, het Burgoyne en 6,000 van sy troepe oorgegee. Generaal Howe kon nooit die reis langs die Hudson voltooi nie, aangesien sy versterkings en voorrade wat uit Engeland moes kom, vir drie maande verhinder was om Amerika te

bereik weens *teenwinde*. Die nederlaag van een van Brittanje se beste generaals in Noord-Amerika deur die koloniste was 'n skok vir Londen, maar dit was as 'n “wonderwerk” in Parys beskou. Dit was 'n keerpunt in die Rewolusionêre Oorlog wat Frankryk in die konflik betrek het aan die Amerikaners se kant (*50 Battles That Changed The World*, William Weir, bl. 55-59). Generaal Washington het só oor hierdie gebeurtenis geskryf: “Ek wens my land en elkeen wat die saak sukses toegewens het, eervol geluk na hierdie merkwaardige teken van die Voorsienigheid”. Roger Sherman, 'n ondertekenaar van die Onafhanklikheidsverklaring skryf: “Hierdie is die Here se werk en is wonderlik in ons oë” (*Miracles in American History*, bl. 55-57).

In die herfs van 1780 is die verraderlike plan van Generaal Benedict Arnold, die held van die Slag van Saratoga, onthul deur 'n verrassende sameloop van omstandighede. Arnold het beplan om die Amerikaanse garnisoen by *West Point* – 'n sleutelposisie vir die beheer van die Hudsonrivier – aan die Britte uit te lewer in ruil vir 'n betaling van £20,000 (sowat 'n miljoen dollar in vandag se geld). Verskeie Amerikaanse brandwagte het Majoor John Andre, wat in siviele drag geklee was, voorgekeer toe hy probeer het om na die Britse linies terug te keer. In 'n holte in sy skoen het hulle 'n kaart van *West Point* gevind asook besonderhede van 'n beplande aanval. Die onverwagse voorgevoel van

Majoor Andre en die ontdekking van Benedict Arnold se verraad was wyd beskou as 'n daad van "Goddelike Beskerming" (*America's Providential History*, bl. 163-165). Yale se President Ezra Stiles het in 1873 geskryf: "n Wonderwerk van die Voor sienigheid het die verraad van Arnold ontdek ... Die grootste deel van die Amerikaanse leër, destyds by *West Point*, met sy edele Generaal Washington self, sou in die hande van die vyand oorgelewer word" (*Miracles in American History*, bl. 63-66).

### Stygende riviere, storms en 'n skielike stortbui

In Januarie 1781 het die Amerikaanse Generaal Daniel Morgan 'n aanvallende Britse mag onder generaal Cornwallis by die Slag van Cowpens in Suid-Carolina verslaan, in wat 'n "taktiese meesterstuk en draaipunt van die oorlog" genoem was (*Miracles in American History*, bl. 67). Ná die geveg het Morgan na die noorde teruggetrek en is deur die Britte agtervolg. Cornwallis het die Catawba-rivier slegs ure nadat die Amerikaners dit oorgesteek het bereik, "maar 'n skielike storm het die rivier onbegaanbaar gemaak ... die Britte het die Amerikaners amper by die Yadkinrivier ingehaal, maar weer het reën die rivier laat afkom" en "nog 'n skielike oorstroming het die Britte geblokkeer" by die Danrivier. Dus kon die Amerikaners die rivier na die goedgesinde gebied

in Virginia oorsteek. Die Britse Generaal Henry Clinton het hierdie gebeure soos volg beskryf: "Hier is die koninklike leër weer gestuit deur 'n skielike styging van die watervlak wat net vóór dit (bykans wonderbaarlik) gedaal het om die vyand oor te laat gaan" (*ibid.*, bl. 67-68). George Washington het in Maart 1781 geskryf: "Ons het oorfloedige redes om die Voor sienigheid te bedank vir Sy vele gunstige ingrypings namens ons. Dit was met tye my enigste toevlug, want dit het gelyk asof alle ander bronne ons gefaal het" (*ibid.*, bl. 69).

Die hoogtepunte van veldslae in die Rewolusionêre Oorlog is ook deurslaggewend deur die weer beïnvloed. In Oktober 1781 het 'n onbesliste konfrontasie tussen die Franse en Britse vlote in die Atlantiese Oseaan – verleng deur veranderende winde – toegelaat dat 'n eskader Franse skepe met troepe en voorrade die Chesapeake-baai kon binneglip. Só is Britse voorraadskepe verhoed om Cornwallis, wat deur 17,000 Franse en Amerikaanse troepe in Yorktown omring was, te bereik. As gevolg van die oorweldigende oormag het Cornwallis probeer om 'n nagtelike ontsnapping uit te voer deur te begin om sy gereelde troepe met 'n veerboot oor die York-rivier te neem. Die eerste groep het dit veilig oor die rivier gemaak. 'n Skielike en erge reënstorm het egter die tweede afdeling soldate stroomaf gewaai en Cornwallis met 'n

grootliks verminderde mag gelaat. Hierdie skielike "ongunstige verandering van die wind het die poging om uit te breek heeltemal ontwrig" en soos 'n Britse kolonel gesê het: "So het die laaste hoop van die Britse weermag gesterf". (*The Weather Factor*, bl. 59-64). Cornwallis het die volgende dag oorgegee – terwyl 'n Britse militêre orkes "*The World Turned Upside Down*" gespeel het. Die Amerikaanse oorwinning by Yorktown word as een van die heel invloedrykste gevegte in die geskiedenis beskryf, aangesien dit 'n agt jaar lange stryd om onafhanklikheid beëindig en Amerika op 'n pad geplaas het om 'n wêreldmoondheid te word (*The Battle 100*, Michael Lee Lanning, bl. 1-4). Dit was aangehelp deur 'n skielike en dramatiese verandering in die weer.

Ná die deurslaggewende slag van Yorktown het Yale se President Ezra Stiles geskryf: "Wie behalwe God kon die kritieke aankoms van die Galliese (Franse) vloot beskik het om te ... help ... in die beleg van Yorktown?" Etlike jare later het George Washington geskryf dat "dit nie geglo kan word dat 'n magtige moondheid soos Groot-Brittanje, wat agt jaar lank bestee het om hierdie land tot onderhorigheid te dwing, se plan gefnuik is nie. Die uitsonderlike ingrypings van die Voor sienigheid in ons swak toestand was sodanig dat dit skaars die aandag van die onoplettendste mens kan ontglip. Die volharding van die Weermagte van die

**Vervolg op bladsy 26**

# Dit is Loden wat roep Die tunnel: Icoon van nasionale samewerking

Deur Adam West

Dertig jaar gelede op 29 Julie 1987, het die Britse premier, Margaret Thatcher en die Franse president, François Mitterrand, 'n historiese ooreenkoms onderteken om 'n treintonnel onder die Engelse Kanaal deur te bou. Die doel was om 'n vinniger en doeltreffender reis tussen Frankryk en Engeland te verseker. Hierdie ingenieurswonder word die Eurotonnel, Kanaaltonnel of liefhebbend "The Chunnel" genoem. Hierdie verbinding tussen Brittanje en Frankryk het albei kante bevoordeel, maar wat beteken hierdie prestasie vir die toekoms? Is dit moontlik dat die Eurotonnel kan dien as 'n simbool van die soort samewerking wat alle nasies eendag sal openbaar?

## 'n Hartlike verhouding

Dit is nie 'n groot geheim dat die Britte en Franse se verhouding oor die eeue deur oorlog en wrok geteister was nie. Na die Slag van Waterloo in 1815 en die einde van Frankryk se oorheersing oor Europa, het daar 'n merkbare verbetering ingetree in hoe die twee nasies met mekaar oor die weg gekom het. Byna 'n eeu later, op 8 April 1904, is die *Entente Cordiale* onderteken. Hierdie Anglo-Franse ooreenkoms het langdurige vyandigheid opgelos deur 'n aantal moeilike en

omstrede kwessies af te handel.

Die *Entente Cordiale* het die weg gebaan vir samewerking tussen Engeland en Frankryk in die dekade net vóór die Tweede Wêreldoorlog en daarna. Dit het die isolasie verminder wat beide Frankryk en Engeland ervaar het, eersgenoemde uit verpligting en laasgenoemde vrywillig. Oorlog het tot vrede gelei en vrede het gelei tot die moontlikheid van samewerking. Met 'n vriendskap wat deur 'n heilsame vlam aangeblaas is, is die weg gebaan vir die bereiking van iets wat werklik roemryk is, indien die Frans-Britse verhouding net kon bevry word van die knellende greep van die nasionale veiligheidsvrees, kulturele verskille en befondsings-nood.

## 'n Dapper en ambisieuse droom

Die droom om die natuurlike waterversperring tussen Brittanje en die Europese vasteland te oorkom, dateer uit 1785 toe 'n Fransman, Jean-Pierre Blanchard en 'n Amerikaner, John Jeffries, die lugruim bokant die Engelse Kanaal suksesvol in 'n warmlugballon oorgesteek het. Dit was egter "Napoleon se ingenieur, Albert Mathieu, wat in 1802 die eerste tunnel onderdeur die Engelse Kanaal beplan het. Hy het 'n ondergrondse deurgang met ventilasieskoorstene wat tot bokant die

golwe sou strek in die vooruitsig gestel". (*"English Channel tunnel opens"*, *History.com*). Dit was 'n dapper en ambisieuse plan, maar te vroeg vir praktiese ontwikkeling. 'n Ander Fransman, Thomé de Gamond, word beskou as die ware "vader" van die tunnel tussen Frankryk en Engeland. Gamond het voorafvervaardigde buistonnel voorgestel. Dit sou op die kanaalvloer rus, eerder as om deur die harde aarde daaronder te boor.

Dit was die uitvinding van die tunnelboormasjien (TBM) in 1875 wat die droom nader aan realiteit gebring het. Die vroeë TBM's was in staat om teen 'n spoed van 1.5 meter per uur te boor. In vergelyking daarmee, kon die elf 244-meterlange TBM's wat gebruik was om uiteindelik die Eurotonnel te voltooi, deur die hardste rots boor teen 4.5 meter per uur, 'n 200% verbetering in doeltreffendheid daarvan om 'n tunnel te grawe!

Boorwerk het in 1881 langs die kus van Engeland in Dover en in Calais aan die Franse kus begin. Nasionale vrees vir veiligheid het die boorwerk egter tot stilstand gebring nadat altwee kante slegs die 1,524 meter (5,000 voet) merk bereik het. In 1974 het die TBM's weer begin om hulle pad deur die kalkmergel te boor. Dit was vasgedruk tussen die soliede

rotsbedding en die intense druk van die watergevulde kanaal van bo af. Vordering is weer gestaak, maar hierdie keer was dit hoofsaaklik te danke aan versuim van die Britse regering om befondsing te verseker.

### Die droom word werklikheid

In 1987 het Margaret Thatcher en François Mitterrand die historiese ooreenkoms onderteken om die tunnel te bou. Albei partye het ingestem dat dit geheel en al deur private beleggers befonds sou word. Die finale ontwerp was vir drie tunnels. Twee tunnels met 'n deursnee van 7.62 meter sou passasiers en vrag per trein neem, elkeen in een rigting. 'n Kleiner tweerigting-dienstunnel sou gebruik word vir instandhouding en noodgevallen. 'n Groep Britse en Franse ingenieurs-konstruksie maatskappye het die 50-kilometer-lange tunnel (waarvan 37 kilometer onder water is, wat dit die langste ondergrondse treintunnel ter wêreld maak) oor 'n tydperk van sewe jaar gebou en het 7,000 werkers 91.44 meters onder die Engelse Kanaal gebruik. Die totale koste van die projek was £12 miljard in vandag se geldeenheid, wat die oorspronklike begroting met meer as vyftig persent oorskry het. Die tunnel is op 6 Mei 1994 vir diens geopen. Met 'n treinspoed van tot 161 kpu is 'n reis vanaf Londen na Parys in slegs drie uur moontlik.

### 'n Simbool van hoop wat deur vuur beproef is

Die “*Chunnel*” wat in 1996 een van die “Sewe Wonders van die

Wêreld” genoem is, het ironies genoeg op 18 November van dieselfde jaar sy heel grootste brand beleef. Hierdie simbool van nasionale samewerking en 'n werklik uitstaande Britse en Franse gesamentlike prestasie is aan groot risiko's onderwerp – net soos die gees van die *Entente Cordiale* ook getoets is deur 'n mensliewende “vuur” in die vorm van die migrante krisis van 2016.

Die tunnel word gesien as 'n waterleiding na 'n beter lewe vir diegene wat uit oorloggeteisterde dele van Afrika en die Midde-Ooste gevlug het. Die ingang van die Eurotunnel in Calais het die knelpunt geword namate die krisis in Europa versprei het.

Die politieke landskap is “stewig gegrond” met die Brexit-referendum wat gehou is op 23 Junie 2016. Tot die groot ontsteltenis van baie mense het 51,9% van die Britse stemgeregtigdes verkies om die Europese Unie te verlaat, eerder as om daarin te bly. Selfs diegene wat gestem het om die EU te verlaat, het gevoel wat destyds “Regrexit” [om berou te hê] genoem is. Hierdie *berou* kan vergelyk word met die “kopersberou” nadat iets baie gesog gekoop is en die realiteit van die ware koste eers later duidelik geword het. Baie individue regoor die Verenigde Koninkryk het hulle koppe gekrap en gewonder wat gebeur het en baie ander mense wou die wysers van die tyd terugdraai.

Dit sou egter nie die geval wees nie, aangesien die “egskheidsdokumente” op 29 Maart 2017 deur premier Theresa May geaktiveer is ingevolge artikel 50 van die Lissabon-verdrag. So het 'n tweejaarlang tydrooster van onderhandelings oor die toekomstige verhouding tussen 'n aparte Brittanje en die Europese Unie begin. Huidige gevoelens tussen Europa en die Verenigde Koninkryk het dramaties verander sedert die dae van die droom om Brittanje met die vasteland te verbind!

### Nasionale samewerking kom!

Die vertoning van samewerking tussen die eens-vegtende nasies, Brittanje en Frankryk en die ingenieurswonder wat hulle verrig het, is 'n voorbeeld van die soort samewerking wat moontlik gemaak sal word na die Wederkoms van Jesus Christus. Die mensdom het nie vrede geken nie (Jesaja 59:8), maar in die toekoms ... “nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:4).

Alhoewel dit waar is dat die nasies nie die weg van vrede ken nie, was daar oomblikke van samewerkende vrede en gedeelde prestasie. Die Eurotunnel is net een so 'n voorbeeld. Na die Wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde, sal die moontlikheid vir meer gedeelde sukses – deur nasies wat dan waarlik in vrede met mekaar sal leef – 'n vreugdevolle werklikheid vir almal word. **W.V.M.**

# Vrae & Antwoorde

## God roep nie almal nou nie

**VRAAG:** Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het, “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie” (Johannes 6:44)? Beteken dit dat daar sommige mense is wat God nie na Hom toe trek nie?

**ANTWOORD:** Baie mense verstaan hierdie vers verkeerd, omdat hulle nie besef dat God nie nou almal tot redding roep nie. God sal sekerlik aan almal wat nog ooit geleef het uiteindelik verlossing bied (Romeine 9:15; 1 Timótheüs 2:3-5). Hy wil hê dat almal die ewige lewe ontvang en dat niemand sal vergaan nie (Johannes 3:16-17; 2 Petrus 3:9). Die Skrif maak dit duidelik daar is “geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie” (Handelinge 4:12). Hoe kan God dan Sy Woord hou en tog miljarde mense red wat geleef en gesterf het sonder dat hulle selfs Sy Naam of Sy ware boodskap gehoor het?

Die Bybel vertel ons van 'n toekomstige tyd wanneer almal die ware Evangelie sal hoor en God se roeping sal ontvang (Openbaring 20:5, 11-12). Daardie tyd staan bekend as die “Groot Wit Troon Oordeel”. Dit sal nie 'n “tweede kans” wees nie. Dit sal 'n tyd wees wanneer miljarde mense opgewek word na fisiese lewe en vir die eerste keer die geleentheid gegee sal word om Christus se Naam en leerstellings te hoor.

God trek egter nou, in hierdie huidige tyd, 'n “klein kuddetjie” na Hom (Lukas 12:32). Hulle word die “eersteling” genoem (Jakobus 1:18). Hierdie Christene – individue wat in hierdie hedendaagse tydperk God se Heilige Gees ontvang om hulle te help om hul menslike natuur te oorkom en volgens God se weg te leef – moes veg om nie net hulle eie sondigheid te oorkom nie, maar ook die sondige invloed van die samelewing en van Satan, wat deur die Skrif die “god van hierdie wêreld” genoem word (2 Korinthiërs 4:4).

### Die beter opstanding

In teenstelling hiermee sal diegene wat God tydens die Groot Wit Troon Oordeel roep, hulle vorige lewens – wat hulle geleef het in hierdie tyd terwyl dit deur Satan en die vleeslike samelewing beïnvloed is – kan vergelyk met die duisendjarige omgewing waarin God hulle sal opwek en die meeste van hulle sal sekerlik God se aanbod van verlossing en die ewige lewe aanvaar.

Omdat die eersteling sonde in 'n moeiliker omgewing moet oorkom, beloof God aan hulle 'n “beter opstanding” (Hebreërs 11:35). Hulle sal met Christus se Wederkoms lede van God se Gesin word en sal Hom help om gedurende die Millennium oor hierdie aarde te regeer. Dit is die duisendjarige tydperk waarin die wêreld in vrede en harmonie onder Christus se heerskappy sal leef en sal voorberei vir die Groot Wit Troon Oordeel. Hierdie oordeel sal plaasvind ná die einde van die Millennium. Na die Groot Wit Troon Oordeel sal alle mense die ware Evangelie gehoor het en diegene wat dit verwerp het sal verbrand word in 'n poel van vuur wat hulle vir ewig in die “tweede dood” sal vernietig (Openbaring 20:14-15).

God verwag dat Sy mense die ware Evangelie sal verkondig totdat Christus weer kom (Matthéüs 24:14, 46). Tog verstaan ons dat die meeste mense wat 'n eksemplaar van die *Wêreld van Môre*-tydskrif opneem, nie in hierdie tyd deur God geroep word nie. Die artikels wat hulle lees sal vir hulle net as 'n “getuie” dien, sodat hulle nie in die toekoms kan sê: “Niemand het my ooit vertel nie! God is nie regverdig nie!”

God verwag van ons om op te tree volgens dit wat Hy ons geleer het. Selfs na die doop, behou ons ons vrye morele keuse en ons werke en keuses gaan gepaard met ons geloof (Jakobus 2:20-22). Redding is 'n geskenk wat ons nie kan “verdien” nie, maar ons kan daardie geskenk verwerp indien ons opsetlik teen ons Verlosser rebelleer. Indien u dus verstaan wat u in hierdie tydskrif lees, moenie die wonderlike geleentheid vermors wat God aan u gee om een van Sy eerstelinge te word nie. Hierdie eersteling sal as konings en priesters die unieke voorreg hê om onder Jesus Christus in die Millennium te regeer. Hou aan om die *Wêreld van Môre*-tydskrif te lees en vergelyk wat u hier lees met wat u in u Bybel vind. Indien u dink dat u dalk gereed mag wees om gedoop te word, skryf asseblief vir u gratis eksemplaar van ons boekie, *Behoort U Gedoop te Word?* of kontak een van ons verteenwoordigers by een van die adresse wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys is. **WFM**



# Die werke

## Midde in die storm!

My pa was altyd deur storms bekoor. Nuus van 'n naderende storm sou hom na ons klein voorportaal trek waar hy sou staan en kyk hoe dit oor die horison opbou. Tydens my kinderdae het ek soms by hom aangesluit en na die donker wolke in die verte gestaar en hulle sien beweeg, draai en saampak terwyl dit nog donkerder word en dan gewonder wat dit inhou, terwyl hulle nader aan ons huis beweeg het.

Ons wêreld is die tuiste van baie soorte storms, van reënstorms wat ons oeste voed en donderstorms wat ons vensters laat ratel, tot verwoestende tornado's en orkane of siklone, met die krag om selfs ons grootste stede in puin te lê en Duisende lewens te verwoes.

Kan hierdie ontsagwekkende verskynsels ons iets leer? Benewens al die moontlike skade en verwoesting wat dit kan aanrig aan ons bevolkings en die stede wat ons opgerig het, kan dit tot enige doel dien vir ons vandag?

Soos met elke deel van die skepping waarin ons leef, kan die storms wat ons omring ons wel deeglik iets leer. Terwyl ons nog die storm behoort te bemeester, het die storm wel 'n Meester. Dit is soos ons, deel van die werke van Sy hande.

### Die wonderlike en gevaarlike krag van storms

Om die majesteit en krag in storms op 'n veilige afstand te sien, kan 'n inspirerende gesig wees. Selfs skynbaar meer "algemene" verskynsels, soos eenvoudige aand-donderstorms, met weerlig wat deur die lug klief en emmers water wat uit die lug val, kan die gees in beroering bring en 'n gevoel van wonder opwek.

Vir diegene wat die pyn en lyding ervaar het wat storms kan meebring, word die krag van sulke weerstelsels op 'n dieper vlak gevoel. My gesin en ek het skuiling in ons kelder gesoek toe die berig van 'n plaaslike tornado uitgesaai is. Baie van ons vriende is persoonlik deur die dodelike tornado geraak wat in 2011 gedeeltes van Joplin, Missouri verwoes het. Dit het gegroei tot 'n driekwart myl breed (meer as een kilometer) en het stadig 13 myl (21 kilometer) oor die aarde beweeg. Teen die tyd dat dit verby was, het die tornado dele van Joplin in 'n woesteny verander en 161 mense se lewens geëis.

So vreesaanjaend as wat hierdie gebeurtenis was, verteenwoordig dit nouliks die hoogste limiet vir die vernietigende krag van storms. Dink aan orkane.

Dit word verskillende name genoem om die streek aan te dui

waarin dit ontwikkel het. Orkane, tifone en siklone is van die heel kragtigste en mees vernietigende kragte wat op planeet Aarde losgelaat kan word. Die groot Bhola-sikloon van 1970 het die gebied rondom die hedendaagse Bangladesj heeltemal verwoes en die lewe van soveel as 500,000 mense in 'n enkele dag in November geëis.

Moderne satellietbeelde bied ons die geleentheid om sulke storms van hoog bo die oppervlak van die aarde te sien en dit is byna onmoontlik om onaangeraak te bly deur die grootte en skaal van hierdie oseaniese monsters – gemiddeld ongeveer 100 myl (160 kilometer) in deursnee. Hulle kolossale grootte openbaar egter nie ten volle die krag wat sulke storms verteenwoordig nie.

### Krag ver bo dit wat ons ons kan voorstel

Dink aan die verwoesting wat aangerig is in die Japannese stad Hiroshima teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Die wêreld se eerste atoombom wat in oorlog gebruik is, is toe laat val. Die bom was "Little Boy" genoem en 'n enkele ontploffing het Hiroshima heeltemal verwoes, tienduizende mense gedood en ongeveer 60,000 geboue in 'n oogwenk vernietig.



# van Sy hande

Dit was 'n oomblik waarin die mens op 'n skrikwekkende, dodelike manier gedemonstreer het dat hy begin het om krag te put uit nuwe bronne wat voorheen ontoeganklik was vir die mensdom.

Tog is so 'n krag feitlik niks in vergelyking met dié van 'n orkaan nie. Oordink hierdie opsomming deur *The Globe and Mail*:

Geneem oor die hele wolfskerm van 'n “gemiddelde” orkaan, is die energie wat per dag vrygestel word in die vorm van reën en wind die ekwivalent van ongeveer 13,000 megaton – amper gelyk aan die vernietigende potensiaal van al die wapens in die Koue Oorlog-missiel silo's in die Verenigde State en die voormalige Sowjet-Unie. Dit is 'n miljoen Hiroshima-bomme wat ontplof teen 'n tempo van meer as 10 per sekonde – 20 *Little Boys* vir elkeen van die 50,000 (beraamde) stede op die planeet (“*The 13,000-megaton storm*”, 3 September 2005).

Terwyl die mensdom hulleself dikwels beskou as die meester van die planeet, is sulke storms 'n vreesaanjaende herinnering daaraan dat ons dit beslis nie is nie.

Vir al hulle krag en vernietigende mag en die ontsag wat hulle afdwing onder diegene wat verplig word om die planeet met hulle te deel, is die grootste doel wat hulle dien om te verwys na Een wat groter is as hulle almal.

In die Skrif assosieer God Homself by verskeie geleenthede met storms en stormwinde deur hulle mag en krag te gebruik as weerspieëling van Sy eie. Wanneer Hy byvoorbeeld met Job praat, wil Hy die lydende patriarg help om die omvang van Sy majesteit beter te verstaan. Hy kies dus om met Job uit die stormwind te praat (Job 38:1). Wanneer Hy in 'n visioen aan die profeet Eségiël verskyn, nader Hy die siener as 'n vuurstorm wat uit die noorde kom (Eségiël 1:4).

Net so beeld God dikwels Sy toorn oor sondige nasies uit as 'n skrikwekkende haelstorm, soos 'n “storm vol verwoesting” van Jesaja 28:2.

## Die God van die Skepping is Here van die storm

Moontlik die mees gepaste verband, tussen die krag van die storm in die geskape wêreld en die Skepper van daardie wêreld, kan gevind word tydens die

bediening van Jesus, amper 2,000 jaargelede.

Hy en Sy dissipels was saam in 'n boot in die middel van die See van Galilea. Terwyl die dissipels besig was om na die ander kant van die see te vaar, het Jesus in die agterstewe van die boot geslaap en 'n welverdiende dutjie geniet nadat hy die menigtes langs die strand geleer het.

Terwyl Hy aan die slaap was, het 'n kragtige windstorm oor die see opgekom, sodat die golwe in die boot ingeslaan het en dit dus vol water geraak het. Alhoewel baie van die dissipels ervare skippers was, het hulle begin vrees en paniekerig geraak omdat hulle gesien het dat die storm hulle boot kon laat sink en hulle almal sou sterf. Hulle het hulle Meester, wat deur dit alles geslaap het wakker gemaak en uitgeroep: “Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?” (Markus 4:38).

Die Bybel beskryf vervolgens baie eenvoudig wat gebeur het: “En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het 'n groot stilte gekom” (vers 39). Met net drie woorde het Jesus Christus die Skepping beveel en die Skepping het gehoorsaam! Die dissipels het vir mekaar gesê: “Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is!” (Vers 41).

Dit kan wonderlik wees om te aanskou en ook vrees-aanjaend wees om te ervaar. Dit kan ons met hulle omvang en krag aanraak en veroorsaak dat ons vlug voor die verwoesting wat hulle bring. Storms – die

orkaan, die tornado, die sikloon, die donderstorm – herinner ons dat ons nie in 'n wêreld van ons eie skepping woon nie en dit maak ons nederig voor hulle krag.

Selfs die storm word nederig

gemaak voor sy eie Skepper en moet hulle aan Sy wil onderwerp. So moet ons dit ook doen.

—Wallace G. Smith

### Vervolg vanaf bladsy 11 – Die breuk met Rome

'n nuwe godsdienstige stelsel te probeer vind wat die leerstellings ingesluit het wat uit Luther se aktiewe pen gevloei het. In

toekomstige artikels sal ons sien of Luther se stelsel 'n terugkeer was na die *geloof*, die *leerstellings* en die *gebruike* van

Christus en die Kerk van die Apostels. **WvM**

### Vervolg vanaf bladsy 20 – Wonderwerke van die Amerikaanse Rewolusie

Verenigde State deur bykans alle moontlike lyding en ontmoediging vir die tydperk van agt jaar lank, was niks minder as 'n erkende wonderwerk nie" (*Miracles in American History*, bl. 71-72) – die kritieke rol van Goddelike ingryping word egter selde vandag genoem.

Die algemene gevoel tydens en ná die Rewolusionêre Oorlog was dat God die Amerikaanse poging tot onafhanklikheid geseën het en dat die Hand van God keer op keer ingegryp het om gebeure in hierdie kritieke tyd te lei – min mense onthou dit egter vandag. In 1787, toe die 81-jarige Benjamin Franklin by die Kontinentale Kongres aangedring het om hulle daaglikse beraadslagings met gebed te begin, het hy gesê: "Ek het 'n lang tyd geleef meneer en hoe langer ek leef, hoe meer oortuigende bewyse sien ek van hierdie waarheid: God is in beheer van die mens se sake" –

soos die Bybel op verskeie plekke aandui (*America's Providential History*, bl. 172). Baie moderne Amerikaners en burgers van die wêreld het hierdie belangrike les van die geskiedenis vergeet wat so duidelik in die Skrif geopenbaar word.

Die Bybel openbaar dat versuim om die **ware feite van die geskiedenis** oor te dra en die leiers se gewilligheid om **belangrike lesse** uit die geskiedenis te ignoreer, ernstige gevolge vir Amerika en ander Israelitiese nasies in die Westerse wêreld sal hê.

Die woorde van die Bybelse profete weerklink deur die tyd heen. Jeremia dui God se waarskuwing aan: "Nogtans het my volk My vergeet ... Soos 'n oostewind sal Ek hulle verstrooi voor die vyand" (Jeremia 18:15-17). Sy woorde bly dieselfde uit die pen van Eségiël: "Omdat jy My vergeet het en My agter jou

rug gewerp het, so dra jy dan ook nou jou skandelike dade en jou hoererye" (Eségiël 23:35). Net so sê Hy deur Hoséa: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet" (Hoséa 4:6).

God gaan nasies wie se mense Sy opdragte ignoreer en vergeet hoe Hy namens hulle ingegryp het, toelaat om te maai wat hulle gesaai het (Jeremia 2:17-19; Hoséa 4:7-9).

Wanneer Amerikaners die 241ste herdenking van hulle onafhanklikheid vier, behoort ons almal hierdie waarskuwings ter harte te neem van die God wat die wonderwerke van die Amerikaanse Rewolusie bewerkstellig het ter harte te neem. **WvM**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

laasgenoemde gekies en op 62-jarige ouderdom, in 1993, begin hy die *Global Church of God* wat later bekend geraak het as die Lewende Kerk van God, in 'n poging om die oorspronklike Christelikheid te hervestig. Ander mense het gou by hom aangesluit aangesien dit duidelik geword het dat die Wêreldwye Kerk van God steeds dieper in die afvallige Christendom gesink het.

Selfs ná die gedeeltelike verlamming van 'n beroerte in 2008, het dr. Meredith homself gedryf om voort te gaan om die Evangelie van die Koninkryk van God aan die wêreld te verkondig en om die kudde te versorg. Sy grootste wens was dat die Werk waarin hy so lank gearbei het, vorentoe sal gaan in eenheid en krag onder Jesus Christus. Tot Februarie 2017 was hy aktief in die Werk; hy het elke dag ingekom na die kantoor, vergaderings gehou en briewe en artikels geskryf. Sy nalatenskap leef voort in die Lewende Kerk van God, waar hy wêreldwyd toesig gehou het oor meer as 350 gemeentes in 55 lande.

As bewys van die omvang van sy invloed, het huldeblyke van regoor die wêreld gekom: Duitsland, Frankryk, die Verenigde Koninkryk, die Ierse Republiek, Australië, die Filippyne, Papoea-Nieu-Guinee, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Togo, Suid-Afrika, Mauritius, Haïti, St Lucia, Guadeloupe, Guyana, sowel as van baie mense regoor die Verenigde State en Kanada. Dit is net 'n kortlys!

**'n Passie om die Waarheid te verkondig**

Een opmerking wat ek baie kere gehoor het oor dr. Meredith, was: “Hy vertel dit soos dit is!” Hoe dikwels het ek nie in my binneste gelag nie wanneer ek die kommentaar onthou wat ek gehoor het toe 'n jong man wat een van ons lewendige aanbiedings (*Tomorrow's World*

*presentations*) bygewoon het, aan my gesê het: “Ek is regtig lief vir die ou kêrel. Hy vertel dit soos dit is”. Dr. Meredith het 'n indruk gemaak op hierdie jongman en op ander soos hy, al het hulle nie sy naam onthou nie. Hulle was bewus van die intensiteit, die opregtheid en die waarheid waarmee hy as die hoofaanbieder op die *Tomorrow's World* gepraat het.

Ons word dikwels gevra wat ons glo en dr. Meredith het dit opgesom in sy boekie, *Herstel Oorspronklike Christenskap*. Indien hulle eerlik wil wees, sal feitlik alle kundige teoloë erken dat die Christelikheid, soos ons dit vandag ken, nie deur Jesus Christus en Sy Apostels herken sal word nie. Dr. Meredith boekstaaf hierdie feit in hierdie kragtige boekie. Ek hoop u almal volg sy reeks oor die Protestantse Hervorming wat in hierdie uitgawe voortgesit word. Sy meesters-thesis vorm die grondslag van hierdie reeks en hy het die laaste maande van sy lewe ywerig daaraan gewerk om seker te maak dat die ware geskiedenis van hierdie beweging bewaar en bekend bly. Hierdie reeks toon dat die Protestantse Hervorming nie is wat dit dikwels voorgee om te wees nie.

Sy boekie oor die Antichris is ook 'n vreeslose verklaring van die waarheid. Soos hy so dikwels met groot krag en emosie gesê het, “Stof u Bybel af! Moenie my glo omdat ek dit sê nie! Glo dit omdat u dit in u eie Bybel lees!” Hy het dikwels sy gehoor uitgedaag: “Kontroleer wat ek sê!” Met ander woorde, kyk na wat hy verkondig het en bewys of hy reg of verkeerd was. Hoe gereeld hoor u dat hoofstroom predikante u uitdaag om dit te doen?

Dr. Meredith word gemis deur diegene van ons wat in sy Eerstejaar Bybelklasse gesit het, deur diegene van ons wat saam met hom in die bediening van die Lewende Kerk van God gedien

---

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

---

Onthou asseblief om in te skakel op  
***Tomorrow's World*** TV-program van  
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,  
**kanaal 263** op DStv.

het, deur lede van die Kerk van God regoor die wêreld en deur familie en vriende. Hy word oorleef deur sy suster, die vrou van mnr. Richard Ames, sowel as ses kinders, tien kleinkinders en vier agterkleinkinders.

Dr. Meredith, u het 'n groot wedren gehardloop. U het 'n goeie geveg geveg. U het die geloof behou. Daar word dus vir u 'n kroon van

geregtigheid bewaar. Rus in die Here. Ons sien daarna uit om u te sien tydens die opstanding van die regverdiges met die verskyning van ons Here en Verlosser, Jesus Christus!



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!  
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
 Privaatsak X 3016  
 Harrismith, FS  
 9880**

**of skakel : 058 622 1424  
 en meld dat u navraag doen  
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**